

LEEF
EK
REG



Ansie du Plessis

Leef Ek Reg?

Ansie du Plessis

Uitgewers:

Deputate vir die Calvin-Jubileumboekfonds,
Posbus 20004, Noordbrug 2522, Potchefstroom

Hoewel die deputate van die Calvin Jubileum Boekfonds (CJBF) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die CJBF-deputate of van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

Inhoud

Voorwoord	4
Ek en die Here	5
Wie is die Here?	5
Hoe praat God met my?	8
Hoe moet ek my Bybel lees?	10
Hoe moet ek bid?	12
Die Here het my baie lief	15
Die Here sorg ook vir Wagter	17
EK en die KERK.....	19
Hoekom gaan jy kerk toe?	19
Hoekom lees ons elke Sondag die wet?	22
Wat maak hulle met my geldjie?	24
Het die baba met die doop sy naam gekry?	26
Hoekom kan ek nie ook brood en wyn kry nie?.....	28
Ek en ander mense	31
Hoekom het ek nie 'n maat nie?	32
My maatjie vloek vreeslik	34
My maatjie kyk af.....	36
As my ouers stry en baklei	38
Ouers wat skei	40
Ek en myself.....	42
Is jy 'n draadsitter?	43
Ek is nie so mooi en so ryk soos ander kinders nie.....	46
Ek het nie die span gehaal nie.....	48
Dis nie lekker by die skool nie	50
Agter op die omslag	54

Voorwoord

Die Deputate Jeugsorg gee sedert 1982 aandag aan die verskaffing van opbouende Christelike leesstof vir jongmense. Een van ons ideale was:

- 'n boek vir die groter laerskoolkind;
- 'n boek met 'n verskeidenheid onderwerpe;
- 'n boek wat al geselsend ons jongmense aan die hand vat;
- 'n boek wat pitkos gee vir sterk word in die geloof;
- 'n boek wat jou laat dink oor die reg-leef van 'n Christen.

In jou hande het jy só 'n boek. Mag die lees hiervan vir jou baie beteken. Lees dit so dat dit nie net in jou gedagtes vassteek nie, maar in jou hart wortelskiet. Ons weet dat ons jongmense baie vrae oor baie dinge in die lewe het. Hierdie boek gaan 'n paar van daardie vrae beantwoord.

Daar is niks so lekker soos 'n boek wat oor diep dinge praat en tog maklik lees nie. Om so 'n boek te skryf, is nie 'n maklike taak nie. Ons is teenoor Ansie du Plessis opreg dankbaar wat hierdie moeilike uitdaging met soveel bekwaamheid en entoesiasme aangepak het.

Deputate Jeugsorg

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Ek en die Here



Wie is die Here?

Op hierdie kort vragie wat uit net vier woorde bestaan, sou selfs Salomo met al sy wysheid, nie 'n presiese antwoord kon gee nie. 'n Mens se verstand is te klein om die grootheid van God te begryp. Niemand op aarde kan die Here beskryf nie. Al manier wat daar is om God te leer ken, is om te kyk hoe Hy Hom in die Bybel en in die skepping aan ons openbaar (bekendmaak).

Hy is die Skepper van die hele wêreld, met alles wat daarop is (Gen. 1:1). Hy bestaan al van voor die skepping af. Al die ander volke se gode wat hulle aanbid, is sommer afgode. Hy sê self: "buiten My is daar geen God nie" (Jes. 44:6).

Uit die Bybel leer ons dat die Here *een God*, maar *drie Persone* is. Ons noem dit die Goddelike Drie-eenheid.

Hy is: God die Vader;

God die Seun; en God die Heilige Gees.

As God van Homself in die Bybel praat, noem Hy dit spesifiek dat Hy nie *drie* gode is nie, maar *een* God is. Dit staan op baie plekke in die Bybel so, byvoorbeeld:

- Die "Here ons God is die enigste Here" (Mark 12:29).
- Die "Here is ons God, Hy is die enigste Here" (Deut. 6:4).
- God openbaar Hom as "die enigste ware God" (Joh. 17:3).

Dit is vir ons baie moeilik om te verstaan hoe die Here tegelyk Vader en Seun en Heilige Gees kan wees, drie Persone, maar tog net een God. Ons kan nooit in Wiskunde sê dat een gelyk is aan drie, of drie gelyk is aan een nie. Elke onderwyser sal die som $3 = 1$ of $1 = 3$, verkeerd merk. Ons kan nie dink hoe *een* God *drie* Persone kan wees nie, maar God sê self dat dit so is en daarom glo ons dit. Ons glo onvoorwaardelik (sonder om voorwaardes te stel):

- God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees is een God, maar drie Persone.
- Hierdie drie Persone, word die *Drie-eenheid* genoem.
- Al drie die Persone is ewe belangrik.
 - Daar is nie een wat vernamer of magtiger as 'n ander een is nie.
 - Daar is nie 'n eerste of 'n laaste of 'n meeste of 'n minste nie.
 - God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees is in alles gelyk — gelyke eer en gelyke heerlikheid.

Jesus se doop

Met die doop van Jesus was al drie die Persone van die Drie-eenheid teenwoordig:

- Jesus, die Seun, is gedoop (Matt 3:16).
- Die Heilige Gees het soos 'n duif op Jesus neer-gedaal (Matt 3:16).
- God die Vader het gepraat en gesê: "Dit is my geliefde Seun" (Matt 3:17).

Toe die dissipels ander mense moes gaan doop, moes hulle die mense doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt 28:19).

Elkeen se werke:

Alhoewel die Vader, Seun en Heilige Gees altyd *saam werk*, is daar tog sekere werke wat Elkeen *in die besonder doen*.

God die Vader

- Hy is die Skepper van hemel en aarde

Hy het absoluut alles wat bestaan, geskep. Hy het nie iets gebruik om dit mee te skep nie. (Net Eva is uit die ribbebeen van Adam omgebou tot 'n vrou Gen. 2:22). Geen mens kan so iets regkry nie. As 'n mens byvoorbeeld 'n beeld wil skep, moet die beeld van goud, silwer, klip, klei of van iets anders gemaak word.

- Hy regeer oor die skepping

Die Vader sorg elke dag van ons lewe vir ons. Niks wat met ons gebeur, gebeur per toeval nie. Hy is almagtig en kan alles doen. Daar "sal selfs nie eers 'n haar van julle kop af val" as God dit nie so wil hê nie (Luk 21:18).

Hy sorg nie net vir mense nie, maar vir *alles* in die skepping. Hy sorg vir die diereryk, vir elke plant wat groei. Hy gee reën of droogte, siekte of gesondheid, rykdom of armoede. Hy sorg elke dag vir alles en almal!

God die Seun

- Hy is die Verlosser

Wat beteken dit as ek sê dat Jesus ons Verlosser is? Waarvan het Hy ons verlos? Hy het ons van al ons sondes verlos. Eintlik moet elkeen van ons wat sonde doen, gestraf word. Ons moet dood-gemaak word. Maar gelukkig vir ons het Jesus al ons sondes op sy

skouers gelaai en in ons plek gesterf. In plaas daarvan dat ons self aan die kruis gehang het, is Jesus in ons plek gekruisig. Hy het dit gedoen om ons uit die dood te red — om ons uit die dood te verlos. Dit is hoekom ons kan sê dat Jesus ons Verlosser is.

God die Heilige Gees

- Hy is die Trooster (Helper)

Elkeen wat die woord "trooster" hoor, weet sommer dadelik wat 'n trooster doen. Hy vertroos jou as jy hartseer is. So is die Heilige Gees jou Trooster en Helper, wat elke oomblik van jou lewe by jou bly. Eintlik nie *by* jou nie, maar *binne-in* jou hart.

- Hy werk in jou hart en bring jou daartoe om te glo.
- Hy help jou om te bly glo, en versterk jou geloof as jy begin twyfel.
- Die Heilige Gees troos jou as jy moedeloos is.
- Hy neem die vrees weg as jy bang is.
- Hy los jou NOOIT alleen nie, maar bly vir ewig en altyd in sy kinders se harte.

Het julle al opgelet dat die dominee gewoonlik die erediens in die Naam van die *Drie-eenheid* afsluit? Hy gebruik die woorde wat in 2 Korintiërs 13:13 staan: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees."

Hoe praat God met my?

God praat nie soos 'n gewone mens met ons nie. Hy praat ook nie meer met ons soos wat Hy in die verlede met die profete gepraat het nie. Jy moenie verwag om sy stem te hoor soos wat Samuel Hom in die tempel hoor praat het nie (1 Sam 3). Die Here praat nou op 'n ander manier met ons. Hy praat deur middel van die natuur (alles wat Hy geskep het) met ons. Maar die belangrikste manier waarop God met ons praat is deur sy Woord, deur die Bybel wat ons lees.

God praat deur die skepping

Kyk na die natuur rondom jou. Alles wat jy sien, het God gemaak.

- As jy boontoe kyk en die son, maan en sterre sien, die wolke in die hemel sien, kyk jy na God se handewerk.
- As jy rondom jou kyk, na die see en riviere, die gras en blomme, die bome en struie, die grond en klippe, sien jy God se handewerk.
- As jy aan goud en silwer, diamante en ander edelgesteentes dink, dink jy aan iets wat God gemaak het.
- Selfs dinge wat mense maak, is eintlik ook deel van God se skepping. Hy het die mens geskep en verstand gegee om dinge uit te dink en hom ook in staat gestel om goed te vervaardig. Sonder God sou jy niks kon doen nie. Daar sou nie fabrieke, myne, kragentrales, lughawens, of enige mensgemaakte dinge gewees het nie.

Kyk of jy in Psalm 19 kan sien hoe Dawid beskryf dat ons God se "stem" in die natuur kan hoor. Hy vertel hoe verskillende dinge in die skepping God se grootheid besing. Die hemel vertel van God se mag en die uitspansel (sterrehemel) maak sy handewerk bekend. Maar dit gebeur alles sonder "spraak en sonder woorde" (Ps. 19:4). Die natuur "vertel" van God se grootheid sonder woorde wat jy kan hoor, sonder die klank van 'n stem.

Al kan die natuur nie met woorde en met 'n stem praat nie, praat dit tog met jou deur jou oë. Jy sien die pragtige skepping en weet dat God alles self gemaak het. Dawid noem dit die werk van God se vingers (Ps. 8:4).

As die skepping so wonderlik is, het jy al gedink hoe groot en almagtig die Skepper is? Die maker is altyd groter en magtiger as dit wat hy maak.

God praat deur die Bybel

God het gewone mense soos ek en jy gebruik om die Bybel te skryf. Hulle het egter nie hulle eie gedagtes en idees neergeskryf nie, maar net wat God wou hê hulle moes skryf. Dit word inspirasie genoem. In 2 Timoteus 3:16 staan daar dat die hele Skrif deur God geïnspireer is. Jy kan dus sien dat elke woord wat in die Bybel geskryf staan, iets is wat God sê. So praat Hy met ons.

- Wat sê Hy vir jou as jy bang is?

"Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou" (Jes. 41:13).

- Wat sê Hy as jou pa en ma weggaan en jy bang is dat hulle nie weer terug sal kom nie?

"Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem" (Ps. 27:10).

- Wat sê Hy as jy wonder of iets met jou kan gebeur sonder dat Hy daarvan weet?

"Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel" (Matt 10:30). Sonder sy wil sal daar "selfs nie eers 'n haar van julle kop af val nie" (Luk 21:18).

Praat die Here in vreemde tale met 'n mens?

Daar is baie mense wat dink dat die Here in vreemde tale met hulle sal praat. Ander mense ver-tel dat die Here vir hulle iets in die oor gefluister het, of dat die Here deur middel van 'n droom vir hulle 'n boodskap gestuur het.

Maar dis nie soos God met ons praat nie. Paulus sê in 1 Korintiërs 14 dat dit niks help as iemand in ongewone tale praat of vreemde woorde gebruik wat die mense nie kan verstaan nie. Hy wil weet "van watter nut" sal dit wees as hy "ongewone tale of klanke" gebruik. Dit is baie beter om "God se boodskap (te) verkondig."

As jy wil hoor wat die Here sê, moet jy jou Bybel getrou lees. Hy praat in die Bybel met jou. Daar kan jy lees hoe jy elke dag moet lewe. Jy moet gereeld kerk toe gaan, want die Here wil deur die verkondiging van sy Woord met jou praat.

Hoe praat jy met God?

Elke mens het 'n behoefte om met God te praat, Hom te antwoord op wat Hy in die Bybel vir jou sê. Jy kan hard of sag met die Here praat. Jy kan met oop oë of met toe oë met die Here praat. Jy hoef nie eers die woorde te sê nie, jy kan dit net dink, want die Here weet alles. 'n Groot geleerde het gesê dat gebede soos asemhaling is. Iemand wat nie asemhaal nie, gaan dood van 'n gebrek aan suurstof en iemand wat nie bid nie, is ook soos 'n dooie, want gebed is net so belangrik vir jou gods-dienstige lewe as wat asem vir jou liggaam is. Bid jy gereeld, of is jou lewe sonder die "suurstof" van die gebed?

Hoe moet ek my Bybel lees?

Wanneer moet ek my Bybel lees?

- Gereeld!

Die meeste pappas en mammas lees saans voordat die kleuters gaan slaap, vir hulle uit die Bybel. Van Graad 1 of Graad 2 af, probeer kinders gewoonlik om ook self 'n stukkie te lees. So gaan dit aan totdat jy elke oggend en aand self uit die Bybel kan lees.

Jy moet gereeld lees. Nie net af en toe nie. Nie party dae oorslaan nie. Jy praat mos elke dag met jou pa en ma. Jy hou mos nie party dae op om met hulle te praat nie. Het jy al ooit gehoor van kinders wat vergeet om met hulle pa en ma te praat? Nee, net so kan ons nie net party kere met die Here praat (bid) en ander kere vergeet om te luister as Hy met ons praat nie. Die Here praat met ons deur dit wat in die Bybel geskryf is. As ons die Bybel lees, hoor ons wat die Here vir ons sê, leer ons Hom beter ken en kry ons Hom meer lief.

Bid voordat jy begin lees

Dit is goed om voordat jy begin Bybel lees, eers te bid en die Here te vra om jou te help om die gedeelte wat jy gaan lees, te verstaan. Sekere gedeeltes in die Bybel is moeiliker as ander en 'n mens moet meer konsentreer om dit te verstaan. Ons mag nie sommer die moeilike gedeeltes oor-slaan nie, maar moet die Here vra om ons verstand helder te maak sodat ons dit ook kan verstaan.

Wat moet ek in die Bybel lees?

- Die Bybel is die Woord van God en uit sy Woord leer ons Hom ken. Daarom moet 'n mens *alles* wat in die Bybel geskryf is, lees!
- Hoekom moet ek *alles* lees?

As iemand vir jou 'n brief skryf, (iemand wat vir jou lief is en vir wie jy ook baie lief is), sal jy die hele brief lees of net hier en daar 'n paragraaf? Ja, ek weet, jy sal *elke woord* van die brief lees. So moet ons ook *elke woord* lees van God se "brief" (die Bybel) aan ons.

Lees die hele Bybel

Dit is baie goed om die hele Bybel van voor tot agter deur te lees, maar daar is sekere gedeeltes wat dalk nog vir 'n laerskoolkind te moeilik is om te verstaan. As 'n mens gereeld Bybel lees, sal dit omtrent drie tot vier jaar neem om die Bybel deur te lees.

Kies 'n Bybelboek wat jy wil lees

Kies 'n spesifieke Bybelboek en lees dan daardie boek van die begin tot die einde deur. Nie net hier en daar 'n versie of twee nie.

As 'n mens so planmatig lees, verstaan jy die gedeelte beter. Dink net hoe deurmekaar 'n boek sal klink as jy eers die middelste gedeelte hoor, dan die begin en uiteindelik die slot.

Jy kan altyd nog iets ekstra lees nadat jy die gedeelte waarmee jy besig is, klaar gelees het. Sê nou maar jy is besig om Josua van voor tot agter deur te lees en jy het die dag se gedeelte klaar gelees, kan jy kies of jy nog 'n Psalm ook wil lees of dalk nog iets uit die Nuwe Testament.

Ondersoek die gedeelte wat jy lees

Jy moet die gedeelte wat jy lees, ondersoek. Maak soos wat die dokter maak as hy 'n pasiënt ondersoek. Hy vra allerhande vrae om vas te stel wat die pasiënt makeer. Jy moet ook in jou gedagtes vrae vra as jy 'n gedeelte in die Bybel lees.

- Kyk of jy kan sien wat God van Homself sê.
- Kyk of jy kan sien wat God wil hê jy moet doen.

Wat moet ek met my nuwe kennis doen?

Ons het nou God se beloftes gelees en ook gesien wat Hy van ons vra. Wat nou? Wat moet ek nou verder doen?

Omdat ons weet dat die Bybel God se Woord is en alles wat Hy sê *waar* is, moet ons alles *glo* wat in die Bybel staan, al klink dit soms vir ons onmoontlik.

In Josua 10:13 staan: "Die son het stilgestaan, die maan het nie geroer nie totdat Israel sy vyande verslaan het." Al leer jy in Aardrykskunde dat nag en dag voorkom omdat die aarde om sy eie as draai, weet jy ook dat alles wat in die Bybel staan, waar is. As die Bybel sê dat die Here die dag langer gemaak het sodat sy volk die vyand in die daglig verder kan agtervolg, dan is dit so! Dis 'n wonderwerk wat die Here gedoen het.

Hoe moet ek bid?

Dit klink na die maklikste vraag op aarde om te beantwoord, maar weet jy regtig hoe 'n mens behoort te bid? Weet jy hoekom jy moet bid? Wat sal jy antwoord as ek vra of jy maar in die swembad of sommer op jou fiets op pad skool toe mag bid? Kan jy vir my verduidelik hoekom die Here nie altyd jou gebed verhoor nie? Dis tog nie so maklik om te antwoord nie, nè? Kom ons kyk wat die Bybel daaroor sê.

Hoekom moet ek bid?

As mense nie met mekaar praat nie, raak hulle vreemd vir mekaar. So gaan dit ook as jy nie met God praat nie. Hy praat met jou deur die Bybel en die preke wat jy hoor, en dan antwoord jy Hom deur te bid.

Ons moet bid omdat God dit van ons vra. "Bid, en vir julle sal gegee word" (Matt 7:7). Dit is 'n gebod! As jy nie bid nie, is jy dus ongehoorsaam aan hierdie opdrag van God.

Jesus het gereeld gebid, byvoorbeeld met sy doop, by die verkiesing van sy dissipels, by die graf van Lasarus, in Getsémane en aan die kruis. As Jesus dit nodig gevind het om te bid, hoeveel te meer nie ons nie.

Jy mag nie net af en toe bid nie, maar volhard (om aan te hou) in die gebed (Kol 4:2). Die Here wil hê dat jy met Hom moet praat en sê wat jy nodig het. Bid en sê vir Hom wat jy begeer (Fil. 4:6). God kan alles vir jou gee, al bid jy nooit, want Hy weet wat jy nodig het nog voordat jy dit van Hom vra (Matt 6:8), maar Hy wil graag hê dat jy moet bid. Hy het belowe om die Heilige Gees in jou hart te laat woon as jy net vir Hom vra (Luk 11:13).

As jy sê dat jy in die Here glo en nie gereeld bid nie, moet jy 'n bietjie jou hart ondersoek. As jy nie bid nie, is daar êrens 'n groot fout in jou geloofslêwe.

Wanneer en waar moet ek bid?

As die Bybel sê: "Bid sonder ophou" (1 Tess 5:17), beteken dit nie dat jy die hele dag moet bid nie. Jy kan tog nie van die môre tot die aand op jou knieë staan nie. Dit beteken net dat jy *gereeld* moet bid.

As jy dink dat jy net kan bid wanneer jy daarvoor lus kry, maak jy 'n fout. Die duiwel hou nie daar-van dat mense bid nie en hy sal sorg dat jy nooit lus kry om te bid nie.

Jesus het vroeg in die *môre* gebid (Mark 1:35) en ook in die *aand* (Matt 14:23). Hy het gereeld gebid, al was Hy ook baie moeg na 'n dag se harde werk. Daniël het *drie maal per dag* voor sy God gekniel en Hom aanbid (Dan 6:11). Ons moet uit hierdie voorbeelde uit die Bybel leer wanneer ons moet bid.

Daniël het *gekniel* (op sy knieë gestaan) toe hy gebid het. Beteken dit dat jy nie mag bid as jy nie eers kniel nie? Nee, jy *mag* enige tyd en in enige posisie bid. Jy kan bid as jy staan of sit of lê of selfs as jy op jou fiets ry. Jy kan lank bid of 'n vinnige skiet-gebed (kort, haastige gebed in nood) bid. Jy mag met oop oë of met toe oë bid. Die belangrikste is dat jy wél bid.

Maar dit beteken nie dat jy elke keer as jy bid, sommer op jou rug mag lê en bid nie. As jy 'n kind van die Here is, het jy soveel respek vir Hom dat jy altyd 'n eerbiedige houding moet inneem terwyl jy bid. Jy kniel, sit regop, staan of buig jou kop. Dit is die normale gebedshouding, hoe jy soggens en saans bid. Die ander posisies is vir die tussen-in gebede as jy skielik met die Here wil praat.

Wat moet ek bid?

- Loof en dank die Here vir sy goedheid

As jy daaraan dink dat God die Skepper is en dat alles wat bestaan, van Hom af kom, is dit verstaanbaar dat jy elke oomblik van jou lewe dankbaar moet wees vir alles wat Hy vir jou gee en doen. Lees Psalm 8 dan sal jy sien hoe Dawid Hom prys.

- Vra dat Hy jou sonde vergewe

Moenie net uit gewoonte 'n rympie opsê waarin jy die Here vra om jou sondes te vergewe nie. Noem die dinge wat jy verkeerd gedoen het op die naam. Vra byvoorbeeld die Here se vergifnis vir die leuen wat jy vertel het, of vir die potlood wat jy by jou maatjie gevat (gesteel) het. Dit is belangrik dat jy jammer moet wees oor die verkeerde optrede en moet belowe om dit nie weer te doen nie.

- Noem jou probleme vir die Here

Geen probleem is so groot dat die Here dit nie kan oplos nie. Die Here sê self dat jy al jou begeertes (dit wat jy graag wil hê) deur gebed en smeking aan Hom bekend moet maak (Fil. 4:6). Vra, smeek, pleit en Hy sal help.

- Bid vir ander mense
 - Stefanus het met sy laaste asem vir sy moordenaars gebed (Hand 7:60).
 - Die gemeente het vir Petrus wat in die tronk was, gebed (Hand 12:5).
- Bid met jou hele hart, nie net met jou mond nie.

Jy kan nie sommer 'n gebed "opsê" sonder om te dink wat jy bid en dan verwag dat die Here jou gebed sal verhoor nie. Jy mag nie as jy halfpad aan die slaap is, gou ietsie bid en dink dat jy jou plig gedoen het nie. Dis verkeerd. Die Here verhoor net opregte gebede, nie lippetaal nie.

Kan die Here altyd my gebed hoor?

Ja, Hy *hoor* altyd as jy bid, maar Hy *verhoor* (beantwoord) nie elke gebed soos wat jy *wil* hê Hy dit moet verhoor nie. Al gee Hy nie wat jy vra nie, het Hy beslis elke woord gehoor wat jy gebed het.

Hoekom word net party van my gebede verhoor?

- Jou gebed moet volgens God se wil wees

Hy sal "ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra" (1 Joh. 5:14). Selfs Christus het toe Hy gebed het, gesê: "Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil" (Matt 26:39).

- Glo dat jou gebed verhoor sal word

Die Bybel sê: "As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra" (Matt 21:22). Maar hierdie teksvers beteken nie dat God jou gebed *moet* verhoor nie. Dit hang af of God *wil*. As Hy nie jou gebed verhoor nie, beteken dit beslis nie dat jou *geloof te klein* is, of dat Hy nie die gebed *kan* verhoor nie. Daar is 'n ander rede voor. Partykeer lyk dit ook vir jou asof God nee sê, maar dan verhoor Hy jou gebed op 'n ander manier as wat jy gedink het Hy dit sou doen. God weet wat vir jou die beste is.

- Jy bid verkeerd

Jakobus sê: "As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig" (Jak 4:3). Jy vra dalk om in die eerste span te speel en die Here weet dat dit jou hoogmoedig gaan maak. Daarom gee Hy dan nie dit waarvoor jy bid nie. Jou pa sal mos nie vir jou sy geweer gee om mee te speel nie, al vra jy ook hoe mooi. Hy weet dat dit verkeerd is en daarom sê hy nee. God gee juis uit liefde sekere dinge nie vir sy kinders nie.

- God verhoor nie altyd dadelik jou gebede nie

God verhoor ons gebede op sy tyd en op sy manier. Hy wil dalk hê dat jy baie keer moet vra voordat Hy jou gebed verhoor. Elia het sewe keer op Karmel gebed voordat God reën gegee het (1 Kon 18:43). Die Bybel gebruik hom as voorbeeld van iemand wat aanhou bid het. Sagaria en Elisabet het net so lank gebed voordat die Here vir hulle 'n kind gegee het (Luk 1:13). As dit voel asof die Here nie jou gebede verhoor nie, moet jy nie moedeloos word en ophou met bid nie, maar dan juis aanhou bid. Lees Lukas 18:1 tot 8.

Wat beteken "Amen"?

As jy aan die einde van jou gebed "amen" sê, sê jy eintlik dat jy glo en vertrou dat die Here jou gebed sal verhoor. Dit sal sekerlik so wees soos wat jy gevra het.

Die Here het my baie lief

As ek vir jou sou vra of jy vir die Here lief is, wat sal jou antwoord wees? Sal jy dadelik "ja" of "nee" op hierdie vraag kan antwoord? Ons sal seker almal dadelik "ja" wil sê. Jy sal antwoord en sê: "Ja, ek het die Here baie lief!"

Nou wil ek graag hoor wat jy op my tweede vraag sal antwoord. As ek die vraag sou omkeer en vra of die Here jou baie liefhet, wat sal jou antwoord dan wees? Kan jy ook dadelik "ja" sê? Kan jy sê: 'Ja die Here het my baie lief.', of sal jou antwoord dalk anders klink? Miskien: "Ek is nie seker nie"; of "Ek hoop darem so"; of "Ek glo nie." Miskien sal jou antwoord "Nee" wees. Jy sal dalk sê dat jy te veel sonde doen en dat die Here nie so 'n stout kind kan liefhê nie.

Kom ons vra vir die Here self of Hy ons liefhet. Jy wonder seker hoe ons dit kan doen en hoe die Here ons vraag sal beantwoord? Dis maklik. Ons lees in die Bybel wat die Here sê. Daar is baie plekke in die Bybel waar die Here op hierdie vraag van ons 'n antwoord gee. "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" Qoh 3:16).

Die Here sê nie net dat Hy jou baie liefhet nie, Hy sê nog baie, baie meer. Hy belowe:

- Om elke dag vir jou te sorg.
- Om jou te help as jy bang is en teen gevare te beskerm.
- Om jou te vertroos as jy hartseer en bekommerd is.
- Om altyd by jou te bly en jou nooit alleen te laat nie.

Dit is juis omdat die Here jou so lief het, dat Hy al hierdie dinge in die Bybel vir jou belowe. Hy belowe:

- *Om elke dag vir jou te sorg*

Genesis 28:15: "Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. . . .Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het."

- *Om jou te help as jy bang is en teen gevare te beskerm*

Psalms 121:7-8: "Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd."

Psalms 145:20: "Die Here beskerm almal wat Hom liefhet."

Deuteronomium 31:8: "Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie."

- *Om jou te vertroos as jy hartseer en bekommerd is*

2 Samuel 22:7: "In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my."

Psalms 120:1: "In my nood het ek na die Here geroep en Hy het my gebed verhoor."

1 Petrus 5:7: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."

- *Om altyd by jou te bly en jou nooit alleen te laat nie*

Jesaja 41:13: "Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou."

Josua 1:9: "Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

Hebreërs 13:5: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

Psalms 145:18: "Die Here is naby almal wat Hom aanroep."

Ons het nou al hierdie gedeeltes in die Bybel gelees, maar wonder jy nie of die Here al

hierdie mooi dinge net vir soet en gehoorsame kinders belowe nie? Wat word van stout en ongehoorsame kinders? Sal God sy beloftes wat Hy gemaak het, hou, al doen ek baie verkeerde dinge?

Ja, die Here sal sy beloftes hou, Hy sal vir jou sorg, jou teen gevare beskerm, jou vertroos en altyd by jou bly, maar dan is daar 'n *eis* aan verbonde. Dit is dat jy berou moet hê (jammer moet wees) oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het. Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie en God in die gebed vra om al jou sondes te vergewe.

Dawid skryf in Psalm 145:20 dat God *almal* beskerm wat Hom liefhet. Dit help egter nie as ons net sê dat ons die Here liefhet nie, ons moet dit vir Hom wys. Ons moet altyd probeer om reg te lewe. Die Here se boodskap vir ons is: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; (doen wat die Here ons vra om te doen) en my Vader sal hom liefhê" (Joh 14:23). God is liefde! Ons het God lief omdat Hy ons eerste liefgehad het!

Die Here sorg ook vir Wagter

Ons weet almal dat die Here elke oomblik van ons lewens vir ons sorg. Daar staan op soveel plekke in die Bybel dat die Here belowe om vir sy kinders te sorg, dat 'n mens dit nie eers kan opnoem nie. Dis 'n onmoontlike taak.

Ons weet dat Hy vir mense sorg, maar nou is die vraag of die Here ook vir diere, plante en die natuur sorg. Wie sorg dat die son, maan en sterre skyn? Wie gee reën of droogte? Daar is mense wat sê dat al hierdie dinge sommer vanself gebeur. Hulle vergelyk God met 'n horlosiemaker wat die horlosie aan homself oorlaat nadat Hy dit gemaak en opgewen het. Hy steur hom dan nie verder aan die horlosie nie, want dit loop vanself.

Maar die Bybel leer ons dat hierdie mense verkeerd dink. God maak nie soos die horlosiemaker nie. Hy los nie alles wat Hy geskep het net so en vergeet dan daarvan totdat sy skepping hulp nodig het nie. O nee, die Here sorg elke oomblik vir sy skepping.

Hy sorg vir alles wat Hy geskep het

Die mens is die hoogtepunt van God se skepping. Hy laat ons oor die hele diereryk heers, oor "skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, en die visse in die see" (Ps. 8:8-9).

Vir die mense belowe Hy dat selfs die hare op hulle koppe getel is en dat nie een enkele haar sal uitval as dit nie sy wil is nie (Luk 12:7).

Hy sorg en help. Jy moet jou bes doen om self jou probleme op te los, maar glo en vertrou steeds dat die Here jou sal help om dit te doen — ook die probleme wat jou so moedeloos maak en magteloos laat voel. Petrus sê: "Werp (gooi) al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle" (1 Pet 5:7).

Hy sorg vir mense, diere, plante, die planete en alles waaraan julle kan dink wat bestaan. Die Bybel sê dat Hy selfs ook vir die; *wilde diere en vir die voëls* sorg. In Matteus 6:26 staan: "Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle."

'n Mens wonder hoe dit moontlik is. Hoe kan die Here voortdurend (sonder ophou) vir alles wat Hy geskep het, sorg? Hoe kry Hy dit reg? Die Here is almagtig (kan alles doen) en alomteenwoordig (orals aanwesig), daarom kan Hy elke dag vir sy hele skepping sorg.

Die Here is orals

Hy is op dieselfde oomblik in al die lande van die wêreld teenwoordig. Nie net in al die lande nie, maar op elke plek in elke land. Daar is geen plek in die hemel of op die aarde waar God nie elke oomblik van die dag of nag is nie.

Luister net hoe Dawid in Psalm 139 hieroor skryf: "Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas." As jy in die Here glo, weet jy verseker dat Hy ook elke dag jou hand vashou en dat jy nooit alleen is nie.

Niks gebeur toevallig nie

As jy sê dat iets toevallig gebeur, sê jy eintlik dat dit 'n onverwagse gebeurtenis is wat plaasgevind het. Dit kan dalk vir 'n mens onverwags wees, maar by God gebeur niks per toeval nie. Hy beplan alles.

Dink net hoe 'n klein en onbenullige voëltjie 'n mossie is. Hulle is nie belangrik en waardevol nie. Tog sê die Bybel uitdruklik dat God ook vir hulle sorg. "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie" (Matt 10:29).

Wat kan jy vandag in 'n winkel vir een sent koop? Byna niks, dalk 'n klein suiglekkertjie. Al is 'n mossie so min werd, sorg God nogtans vir elke mossie en vir alles in die skepping. Daar vind niks plaas sonder dat God daarvan weet nie.

As jy dan weet dat niks per toeval gebeur nie, maar dat die Here alles wat gebeur so beplan, hoef jy vir niks op aarde bang te wees nie. Maar dit beteken nie dat jy maar onverskillig kan wees nie. As jy waaghalsige toertjies uitvoer, kan jy nie verwag dat God jou moet beskerm nie.

Ons lees in Matteus 4:6 dat die duiwel Jesus na "die hoogste punt van die tempel" gelei en gevra het dat Hy daar moes afspring. Hy sou nie seerkry nie, want die engele sou Hom mos beskerm. Jesus het geweier en gesê dat 'n mens nie die Here op die proef mag stel nie. Jy mag nie sy geduld toets nie.

Dis verkeerd om so onverantwoordelik te wees. Die Here het vir die mens verstand gegee en ons moet dit reg gebruik. Maar al het ons verstand gekry, maak ons nogtans baie foute. Tog sorg die Here uit sy groot genade nog elke dag vir ons.

In dieselfde gedeelte waar Matteus oor die mossies praat, staan ook dat jy nooit bang hoef te wees nie, want jy "is meer werd as baie mossies" (Matt 10:31). Die Here sorg doelbewus vir alles, vir mense, diere en plante. Hy sorg tot vir ons troeteldiere, ook vir Wagter.

EK en die KERK



Hoekom gaan jy kerk toe?

Wat sal jou antwoord wees as ek by jou wil weet hoekom jy kerk toe gaan? Sal jy sê dat jy kerk toe gaan omdat jou pa en ma gaan, of sal jy 'n ander antwoord gee?

Sê nou maar 'n maatjie wat nog nooit in die kerk was nie, wil by jou weet wat julle daar doen, sal jy die vraag kan beantwoord? Dit klink maklik, nê! 'n Mens sê maar net dat die dominee lees en bid en dat ons sing en geld in 'n sakkie of bordjie sit. As jou maat jou verder uitvra en wil weet hoekom julle dit alles so doen, hoe sal jy dan verder verduidelik?

Die heel belangrikste om te weet, is dat daar 'n tweegesprek plaasvind. In die kerk praat God met jou en jy antwoord Hom. Die kerk is 'n plek waar God en die gemeente mekaar ontmoet. Die Here roep jou en nooi jou uit om met Hom te kom praat en te kom luister na wat Hy vir jou wil sê. Die Here praat by die huis ook met jou, en jy met Hom, maar omdat die gemeente soos sy huisgesin is, wil Hy met hulle praat waar hulle saam bymekaar is.

Dit is altyd lekker om presies te weet waarom 'n mens iets doen. Kom ons kyk stap vir stap na alles wat in die kerk gebeur.

Aanvangseën

Dit klink geleerd, maar beteken doodeenvoudig dat die erediens (kerk) begin. Die dominee begin die diens deur te sê: "Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 124:8). Daarna strek hy sy hande uit en groet die gemeente met die seëngroet in die Naam van (namens) die Here.

Lofsang

Die naam "lofsang" wys vir jou dat jy met jou sang die Here moet loof (prys). Jy kan nie regtig die Here dank en prys as jy sommer saamsing sonder om aandag aan die woorde van die Psalm of Skrif-beryming te gee nie. 'n Mens lag en kla mos nie met dieselfde stemtoon nie. 'n Lofpsalm word vin-nig en vrolik gesing en 'n klaaglied word altyd stadiger en treuriger gesing. In 'n klaaglied vertel jy vir die Here van jou hartseer, jy kla by Hom.

Geloofsbelydenis

Weet jy wat die woord "bely" beteken? Dit beteken eintlik "om dieselfde te sê", met ander woorde dat jy met die spesifieke saak saamstem. As jy dus jou geloof in God bely, sê jy openlik (voor almal) dat jy saamstem met dit wat in die geloofs-belydenis gesê word, en dat jy in God glo.

Christus sê in Matteus 10:32 as jy openlik voor mense bely dat jy in Hom glo, jy seker kan wees dat Hy voor die Vader in die hemel vir jou sal getuig.

Jy kan as jy wil, die woorde van die geloofsbelydenis in jou hart (saggies in jou gedagtes) saam met die dominee sê. Die predikant vra ook partykeer dat die gemeente die woorde hardop moet saam sê, of saam sing.

Die wet (Tien Gebooie)

Die wet kom op twee plekke in die Bybel voor, in Eksodus 20 en Deuteronomium 5. Daar is drie baie belangrike dinge wat jy sal agterkom, as jy goed na die wet luister, naamlik:

- hoe baie sonde jy doen;
- dat jy begeer (en bid) dat Jesus Christus dit moet vergewe;
- dat jy baie dankbaar is, omdat Jesus met sy kruisiging ook jou sondes vergewe het.

Die Here sê in die Tien Gebooie wat jy moet doen om die wet na te kom. As jy so optree, is dit jou manier om vir die Here te wys hoe lief jy Hom het, en hoe dankbaar jy is vir alles wat Hy vir jou gedoen het.

Skriflesing en preek

Die dominee lees eers 'n gedeelte uit die Bybel. Onthou, die Bybel is God se Woord en dit is die manier waarop die Here in die kerk met jou praat. Daarna begin die dominee preek.

Weet jy wat 'n dominee doen as hy preek? Hy ver-duidelik aan die gemeente wat daardie gedeelte wat hy gelees het, beteken. Hy lê dit uit (maak dit duidelik) sodat jy presies kan agterkom wat die Here vir jou in daardie teksverse (Bybelverse) sê.

Dit help nie as jy net na die preek luister en dit nie uitleef nie. Jy moet 'n hoorder en 'n doener wees! Jakobus sê dat 'n mens so moet leef, dat almal jou geloof uit jou dade (optrede) kan sien (Jak 2:14).

Gebed

As die dominee bid, praat hy namens ons (in ons plek) met die Here. Luister volgende keer mooi na die gebed, dan sal jy hoor dat hy:

- die Here loof en prys (eer aan Hom gee). Hy sê hoe groot en goed die Here is;
- die gemeente se skuld bely (al ons sondes erken);

- vir die Here vra om ons te vergewe;
- dankie sê vir alles, byvoorbeeld vir goeie gesondheid, vir reën na droogte, vir 'n huis om in te bly, vir kos, vir die land waarin ons woon en nog baie ander dinge;
- vra vir die dinge wat ons nodig het, soos troos vir die wat hartseer is, kos en klere vir die wat gebrek ly en gesondheid vir die siekes.

Slotseën (goeie wense aan die einde)

Die dominee noem die seëninge wat die Vader, die Seun en die Heilige Gees aan die gemeente gee, apart op. Hy dra God se boodskap uit 2 Korintiërs 13:13 aan die gemeente oor en sê:

- die genade van die Here Jesus Christus;
- die liefde van God;
- die gemeenskap (om by jou te wees) van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

Die dominee steek sy hande op en spreek God se seën oor die gemeente uit. Jy moet onthou dat die seën eintlik van God af kom. Die predikant is maar net God se boodskapper wat dit hardop sê.

Het jy geweet dat dit in die Bybel staan dat Jesus Christus die predikant soos 'n boodskapper gebruik, om namens Hom met ons te praat? Daar staan in 1 Tessalonisense 2:13 dat die gemeente moet glo, dat dit wat die dominee preek, "nie mensewoorde is nie maar die woord van God."

'n Antwoord vir jou maat

'n Mens moet kerk toe gaan omdat die Here deur die verkondiging van die Woord met jou praat. So kan jy meer van Hom hoor en kan jy Hom beter leer ken. Hoe kan jy in die Here glo as jy nog nooit van Hom gehoor het nie, en hoe kan jy van Hom hoor sonder een wat preek? (Rom. 10:14 en 17).

Net soos wat die Here Lidia se hart "vir Paulus se woorde ontvanklik (oop) gemaak" het, (Hand 16:14) kan Hy jou hart ook oopmaak vir die dominee se preek.

Jy kan vir jou maat sê dat jy kerk toe gaan omdat jy graag nader aan die Here wil leef. Daar word jou geloof versterk (sterker gemaak) en die belangrikste van alles — jy gaan omdat jy dankbaar is dat Hy jou verlos het en omdat jy die Here liefhet!

Hoekom lees ons elke Sondag die wet?

Het jy al in die straat die mense om jou dopgehou? Elkeen is op pad na 'n sekere plek toe. Almal is op pad - die kinders gaan skool toe, die pa werk toe, die ma gaan dalk kos of klere koop, 'n ander een is op pad huis toe, see toe, plaas toe, bank toe, atletiek toe . . . Niemand loop somer sonder om te weet waarheen hy op pad is nie. Elkeen het 'n bestemming, 'n plek waarheen hy wil gaan.

Die regte pad

Dink net hoe jou pa en ma die padkaart bestudeer as hulle iewers heen wil ry. As jou pa in die motor klim en somer net ry, sonder dat hy die pad ken, sal hy vreeslik verdwaal.

So gaan dit ook met 'n mens wat nie die Bybel ken nie. Hy is soos iemand wat sonder 'n lig in die donker ry. Die Bybel bring lig in die duisternis en leer ons hoe om die Here te dien en hoe om die regte pad te volg. Lees maar Psalm 119:105: "U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."

Op hierdie pad wat die Bybel vir ons wys, is daar twee vreeslike belangrike bordjies. Op die een bordjie staan LIEFDE en op die ander bordjie DANKBAARHEID.

- God het ons so lief gehad, dat Hy sy Seun gestuur het om vir al ons sondes te betaal (Joh 3:16). Jesus het in ons plek aan die kruis gesterf sodat ons kan lewe.
- Omdat ons dankbaar is vir daardie groot lief-desdaad wat Jesus vir ons gedoen het, probeer ons elke dag om die Bybelse pad te volg.

Die Tien Gebooie is soos tien padwysers wat jou help om die regte pad te vind. Dis nie altyd 'n maklike pad om te volg nie, aangesien daar baie afdraaipaaie is wat jou weg van die Here af kan lei. Die Heilige Gees wat in elke gelowige woon, wys vir ons die tien padbordjies aan en help ons om hulle te volg.

Tien padwysers

Die dominee lees elke Sondag die Tien Gebooie uit Eksodus 20 of uit Deuteronomium 5, maar luister julle regtig daarna? Ken jy al tien die padwysers? Kan jy in jou eie woorde sê wat daarin staan? Ja, julle kan dit seker almal uit julle koppe opsê. Die belangrikste vraag is egter nie of ons die Tien Gebooie ken nie, maar wel of ons die pad wat die Tien Gebooie aanwys, volg. Doen ons elke dag wat die Bybel voorskryf?

Kry jy volpunte?

Die meeste maats sal antwoord dat hulle die wet taamlik goed nakom. Hulle maak nie afgode nie en aanbid ook nie afgode nie. Hulle misbruik nie die Here se Naam nie, vloek nie of noem nie sy Naam sonder eerbied terwyl hulle gesels of as hulle byvoorbeeld groot skrik nie. Ons weet ook mos dat kinders gewoonlik nie steel of moord of egbreuk pleeg nie.

Die groot probleem kom egter by die ander gebooie, die gebooie wat 'n mens dink minder belangrik is. Jy dink dat dit nie so baie saak maak as jy leuens vertel nie, solank jy net nie steel nie. Jy kan maar skinderstories vertel en jou maat se naam swart smeer. Dit is nie so erg soos wanneer grootmense skei of moord pleeg nie.

Dis net waar die fout lê. As jy by enigteen van die tien padbordjies verkeerd afdraai, ry jy verkeerd. Dan het jy van die regte pad afgedraai en volg jy 'n verkeerde pad! Daar is net twee moontlikhede: reg of verkeerd. Nie amper reg of 'n bietjie verkeerd nie.

Luister wat sê die Bybel: "As iemand die hele wet onderhou maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. God wat gesê het: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie," het ook gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie." As jy nou nie egbreuk pleeg nie maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet" (Jak 2:10 en 11). Volgens die Bybel is jok net so verkeerd soos steel, en valse getuigenis *teen* jou naaste spreek (onware skinderstories oor jou maats vertel), net so erg soos om afgode te aanbid.

Toe die Fariseërs wou weet wat die grootste gebod in die wet is, het Jesus die Tien

Gebooie opgesom en gesê: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saam-gevat" (Matt 22:37 tot 40), met ander woorde al die gebooie word eintlik vervul as ons liefde tot God en liefde tot ons naaste beoefen.

Die beste manier om hierdie tien padwysers te volg, is om die voorbeeld wat Jesus gestel het, te volg. As jy elke dag in Christus se voetspore loop (1 Pet 2:21) sal jy nooit verkeerd afdraai nie. Dan is daar geen gevaar dat jy sal verdwaal nie!

Wat maak hulle met my geldjie?

Die dominee sê gewoonlik wat met die geld wat die gemeente gee, gedoen gaan word. Hy sê byvoorbeeld dat die kollekte tydens die diens vir armes bestem is en die by die deure vir sending.

Nou weet jy dat die diakens nie die geld vir hulle vat nie. Nee, jy gooi nie jou kollekte in die sakkie sodat die kerkraad dit kan huis toe vat en daarmee kos of lekkers koop nie. Die dominee vat dit ook nie vir hom nie. Nou wat word dan daarvan?

Eerstens word dit getel en dan word die bedrag (hoeveel dit saam is) in 'n boek opgeskryf. Die diakens moet altyd presies boekhou van hoeveel geld hulle gekry het en ook van hoeveel geld hulle uitgee. Daarna neem een van die diakens die geld huis toe en gaan bank dit die volgende oggend. Die geld bly egter nie lank in die bank nie. Dit bly *net* daar totdat iemand dit nodig kry.

Jou geldjie help almal in nood soos byvoorbeeld armes, weduwees en weeskinders

Dit is die diakens se werk om uit te vind of daar arm mense in die gemeentes is wat baie swaarkry. Hulle gaan dan die mense besoek en vind uit wat hulle probleme is. Soms koop hulle vir die mense kos en gee vir hulle geld om klere te koop. Dalk was een van die gesin baie siek en het die mense groot doktersrekeninge wat hulle moet betaal. Dan help die diaken hulle daarmee. So help jou geldjie dan om ander mense wat in nood is, te help.

As die pa van die huis doodgaan, is die ma 'n weduwee. Sy het baie kere nie geld om die kinders te versorg nie en dan help die kerk haar. Die diakens gebruik jou geldjie daarvoor. As die pa en ma albei doodgaan, is die kinders weeskinders en hulle moet gehelp word. Hoe? Waarmee? Waar kom die geld vandaan? Ja, jy is reg. Jou geldjie word gebruik!

Jou geldjie help soms ook op ver plekke

As daar as gevolg van oorstromings, aardbewings of so iets, nood op 'n ander plek is, kondig die dominee dit af en vra die gemeente om te help.

Die geld wat jy in die sakkie of bordjie sit, word dan spesifiek gebruik om daardie gemeentes wat swaarkry, te help. Omdat dit nie reën nie, verdroog alles en baie van die diere vrek. Daardie mense het dan hulp nodig. Jou gemeente se kerkraad stuur dan die kollekte wat vir die droogtegeteisterde gemeente ingesamel is om hulle uit die nood te help. So help jou geldjie werklik om ander se nood te verlig.

Is dit al geld wat die kerk kry?

Nee, gelukkig kry die kerk nog ander geld ook. Julle pappas en mammas gee elke maand 'n gedeelte van hulle inkomste (die geld wat hulle verdien) vir die kerk.

Party ouers plaas die geld in 'n koevert en gooi dit dan in die sakkie as die diaken die geld opneem.

Ander mense gee hulle bydraes vir die ouderling of diaken as hulle kom huisbesoek doen. Daar is ook lidmate wat gereeld 'n tjek vir die kassier pos. (Die kassier is die persoon wat die kerk se geld ontvang en uitbetaal).

Wat doen ons kerk met hierdie geld?

Hierdie geld wat die gemeente vir die kerk gee, word vir allerhande noodsaaklike dinge gebruik. Ek noem 'n paar voorbeelde:

- Die dominee se traktement (dit wat hy per maand ontvang) word daarmee betaal. Hy kan mos nie verniet werk nie.
- Die kerkgebou, kerksaal en pastorie moet daarmee gebou en versorg word.
- Die koster, orrelis, tuinier en ander werkers se salarisse moet betaal word.

- 'n Gedeelte van die geld gaan vir sending. (Sendingwerk is wanneer jy vir die heidene van die Here vertel).
- Dan word 'n gedeelte vir evangelisasie gebruik. (Dit is vir mense wat al die Here leer ken het, en toe opgehou het om Hom te dien. Die dominee en kerkraad soek hierdie "verlore skape" en bring hulle terug kerk toe).
- Ander gemeentes in nood word gehelp. Eendag as jy self werk, kan jy ook hiervoor geld gee, maar op die oomblik word jou geldjie gewoonlik gebruik om die arm mense in julle gemeente te help.

Jou geldjie is 'n dankoffer

As jy die woord "dankoffer" verdeel, kry jy "dank" en "offer". Ons weet almal wat dank beteken, maar weet jy wat die woord "offer" beteken? Dit beteken om iets vir God te gee — iets waardevols of kosbaars.

"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16). Hy het sy kosbaarste en grootste gawe vir jou gegee, en daarom wil jy met jou geldjie, jou dankoffer, uit dankbaarheid vir sy verlossings-werk, weer jou beste vir Hom gee. Jou geldjie wat jy vir die kerk en armes gee, mag nie sommer 'n "afknypgeldjie" wees nie, want die Here gee nie vir ons "afknypliefde" of "afknyppenade" nie!

Nou weet jy hoe belangrik dit is dat jy gereeld jou geldjie in die sakkie moet sit. Gee dit met 'n hart vol liefde want Paulus sê as jy ander help moet jy dit met "blymoedigheid" doen, (Rom 12:8) want die Here het 'n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7)!

Het die baba met die doop sy naam gekry?

Daar is in al die lande in die wêreld 'n wet wat bepaal dat elke kind wat gebore word, geregistreer moet word. Dit beteken dat die baba se naam, van, geboortedatum en plek van geboorte opgeskryf moet word. So kry elke kind 'n naam.

Die baba wat gedoop word, het dus reeds 'n naam en van. Sy naam is klaar in die land se register opgeskryf. Met die doop word die kindjie dan dooplidmaat van die kerk en word sy naam in die kerk se doopregister geskryf.

Miskien het jy al 'n boetie of sussie, of dalk 'n nefie of niggie na die preekstoel toe gedra sodat die babatjie gedoop kan word.

Gewoonlik hou die ma die babatjie vas en die pa gee vir die dominee 'n papiertjie waarop die baba se name neergeskryf is. Die dominee steek dan sy hand in 'n bak met water en lees die kind se naam en van hardop terwyl hy van die water op die baba se voorkop drup. Die hele gemeente hoor die naam en sien hoe die kindjie gedoop word. Die dominee noem die kind se naam hardop omdat alles wat daar gebeur, vir die spesifieke kindjie bedoel is.

Het julle al mooi geluister na die woorde wat die dominee sê as hy 'n baba doop? Hy noem eers die baba se naam en van en dan sê hy iets baie belangriks. Hy sê dat hy die baba doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die baba word gedoop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees

Om in die Naam van die Vader gedoop te word, beteken dat God aan hom of haar 'n belofte gee, naamlik:

- dat God vir ewig en altyd vir daardie spesifieke kindjie 'n Vader sal wees. (Hierdie belofte is 'n band wat tussen die Vader en sy kind is. Die Bybel noem dit 'n verbond);
- dat Hy die baba as sy eie kind beskou;
- dat Hy elke dag vir die kind sal sorg soos wat jou pa en ma vir jou sorg;
- dat Hy die kindjie sal beskerm en keer dat slegte dinge met hom of haar gebeur.

Om in die Naam van die Seun gedoop te word, beteken:

- dat Jesus ook al daardie kindjie se sondes op sy skouers geneem en in sy plek aan die kruis gesterf het, net soos wat Hy in ons plek gesterf het;
- dat die kind dan vlekkeloos (silwerskoon — sonder merke van sonde) gewas is.

Om in die Naam van die Heilige Gees gedoop te word, beteken:

- dat die Heilige Gees ook in die hart van daardie baba woon;
- dat die Heilige Gees altyd daardie kindjie sal vertroos en help.

Die hele gemeente is getuies

Weet jy wat 'n getuie is? Dit is iemand wat iets sien gebeur het en dan daarna presies kan beskryf hoe dit plaasgevind het. By die doop van 'n baba is die hele gemeente getuies van die gebeurtenis, hulle kan met hulle eie oë sien en met hulle ore hoor:

- dat God belowe dat daardie kind aan Hom behoort;
- dat daardie kind deur Jesus Christus van alle sondes skoon gewas is;
- dat die Heilige Gees altyd in daardie kind sal woon;
- dat die ouers belofte het om God te gehoorsaam.

Die ouers se doopgelofte

Dan hoor die hele gemeente hoe die ouers van die kind 'n gelofte (belofte aan die Here) aflê. Die dominee lees drie vrae wat hulle belowe om na te kom.

Luister volgende keer as 'n baba gedoop word hoe die ouers kliphard in die kerk ja sê as die dominee vra of hulle:

- bely (saamstem) dat hulle kindjie in die kerk gedoop moet word;
- bely (saamstem) dat die Bybel God se Woord is en dat alles wat in die Bybel staan waar is;
- belowe om hulle kind so groot te maak soos wat die Bybel ons leer.

Wat beteken die doopwater?

- Die water wat die dominee op die kindjie se voorkop drup, is 'n teken van Jesus se bloed. Dit wys vir ons dat soos wat water 'n vuil liggaam skoon was, so was Jesus se bloed die kindjie se sondes af.
- Die water sê dat die kindjie aan die Here behoort — sy eiendom is, dat Jesus hom of haar gekoop en met sy bloed betaal het.
- Die water is nie regtig Jesus se bloed nie, dis gewone water wat as 'n teken ('n simbool of aandenking) gebruik word om jou iets te laat onthou.
- Elke keer as jy die doopwater sien, moet jy onthou dat jou sondes ook deur Jesus se bloed afgewas is.

Wat gebeur na die doop in die konsistorie?

Na die doopplegtigheid in die kerk word die kindjie se naam in die konsistorie in die register van die kerk opgeskryf, sodat almal kan weet en in die toekoms sal weet, dat daardie kind ook 'n verbondskind en dooplidmaat van die kerk is.

Jou naam staan ook in 'n doopregister van die kerk. Jou ouers het ook op die vrae van die dominee ja gesê. Nou weet jy waarom jou ouers so getrou vir jou uit die Bybel leer. Hulle het toe jy gedoop is, voor die hele gemeente belowe om jou soos 'n verbondskind op te voed en van die Here te leer.

Hoekom kan ek nie ook brood en wyn kry nie?

Dit maak jou seker vreeslik vies as iemand sê dat jy nie brood en wyn kan kry nie, omdat jy nog te klein is. Jy sal beslis beter voel as hulle dit ordentlik vir jou verduidelik. Jy moet eers weet wat gebeur as grootmense nagmaal gebruik, voordat jy sal verstaan hoekom jy dit nog nie kan doen nie.

Grootmense gebruik nie nagmaal sommer net omdat hulle lus is nie, maar omdat hulle Jesus se opdrag uitvoer. Jesus het self die nagmaal ingestel (daarmee begin) en toe beveel dat almal wat in Hom glo, gereeld nagmaal moet gebruik (Matt 26:26 tot 30).

Christus noem die brood sy liggaam en die wyn sy bloed. Maar dit beteken nie dat jy moet dink dat die brood regtig Jesus se liggaam is wat geëet word nie. As die mens om die nagmaaltafel wyn drink, drink hulle nie regtig sy bloed nie. Dis net 'n teken daarvan.

Wat is tekens?

Jy wonder seker wat 'n "teken" is. Hoe kan brood en wyn "tekens" van Jesus se liggaam en bloed wees? As ek vir jou 'n padkaart wys en ek volg die roete (pad) op die kaart met my vinger, kan ek op baie kolletjies druk wat dorpe en stede aantoon.

As ek nou my vinger op die groot kol druk waar Johannesburg lê, sal jy tog nie dink dat dit regtig Johannesburg is wat daar lê nie. Jy weet mos dat die kol op 'n kaart net die spesifieke plek se ligging aantoon. Die kol op die kaart is 'n "teken" van waar Johannesburg geleë is. So is die brood en wyn ook "tekens".

Waarvan is die brood en wyn tekens?

Die brood en wyn (tekens) wat jy sien, is bedoel om jou aan 'n baie belangrike gebeurtenis te herinner. By die nagmaal dink ons aan die lyding en sterwe van Jesus Christus. Sy liggaam is verbreek (gekrusig) en sy bloed is vergiet (uitgestort) tot vergifnis van al ons sondes.

Daarom sê die dominee net voordat die brood uitgedeel word, die volgende woorde:

- Neem, eet; gedenk (dink terug daaraan) en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening (om te vergewe en uit te wis) van al ons sondes.

As hy die beker aangee, sê hy:

- Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare (baie duur) bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Gebruik al jou sintuie om te onthou

As die predikant uit die Bybel lees en preek, gebruik jy jou ore om te luister. Met die nagmaal word jou oë ook ingespan, jy sien die brood en wyn. Daarna word die grootmense wat brood eet en wyn drink, se *hande* gebruik om die brood en wyn aan te gee en dan word hulle smaaksintuie (*mond* waarmee hulle proe) ook gebruik. As jy hoor, sien, proe en voel, word vier van jou *sintuie* gebruik.

Al vier sintuie moet jou laat teruggink aan Jesus se pynlike dood aan die kruis. Eintlik moes jyself (elke sondaar) daar gehang het. Dis die straf vir die sonde wat ons doen. Nou kom Jesus wat geen sonde gedoen het nie, en Hy sterf in ons plek. Hy doen iets vreeslik belangriks vir jou en my.

Wees dankbaar

Wat sal jy doen as iemand vir jou 'n baie groot geskenk gee? Jy sal natuurlik bly wees en dankie sê. Dis presies wat jy moet doen as jy sien hoe die grootmense nagmaal gebruik. Sê dankie, want:

- Hy vergewe jou sondes. Jesus verklaar (sê) uitdruklik dat sy liggaam verbreek en sy bloed vergiet word tot vergewing van sondes — my en jou sonde! (Matt. 26:28).

- Jy kry die ewige lewe. "Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan" (Joh. 6:54).

Jesus gee nie sy vergifnis (om sondes te vergewe) en die ewige lewe (om na jou dood nog by Hom te wees) net vir grootmense wat al nagmaal mag gebruik nie. Hy gee dit ook vir *al die kinders wat in Hom glo*. Hy weet dat jy nog te jonk (klein) is en nie op hierdie stadium in jou lewe al genoeg kennis en verantwoordelikheid het om al self nagmaal te gebruik nie.

As 'n mens die nagmaal verkeerd gebruik, doen jy sonde. Omdat jy nog jonk is en nog nie ten volle in God se Woord onderrig is nie bestaan die moontlikheid dat jy die nagmaal verkeerd kan gebruik.

Dink eers, doen dan

Dit beteken egter nie dat jy maar onverskillig kan lewe net omdat jy nog jonk is nie. Jy moet ook rekenskap vir jou dade gee.

Voor die nagmaal (eintlik altyd) sê die Here vir ons — *vir grootmense en vir kinders*: Staan stil, dink, ondersoek jouself. Roep halt (stop) as jy aanhou sonde doen. Bekeer jou! Draai om as jy verkeerd loop, volg die regte pad.

Wie mag nie nagmaal gebruik nie?

Daar is twee groepe mense wat nie nagmaal mag gebruik nie;

- sekere grootmense
- kinders wat nog te jonk is

Watter grootmense mag nie nagmaal gebruik nie?

- Die ongelowiges — die wat nie in God glo nie.
- Gelowiges wat sonde doen en nie daarvoor spyt is en God vra om hulle te vergewe nie. Hulle mag nie nagmaal gebruik voordat hulle berou oor hulle sondes gekry het en gesmeek het dat God hulle vergifnis skenk nie. Daarna mag hulle weer nagmaal gebruik.

Hoekom mag kinders nie nagmaal gebruik nie?

Weet jy hoekom jy nog nie nagmaal mag gebruik nie?

- Net soos wat jou liggaam nog moet groei voordat jy uitgegroeï en volwasse ('n grootmens) is, moet jy nog in die geloof ook groei. Jy moet nog baie dinge in die katekisasieklas leer voordat jy belydenis van geloof kan aflê, en daarna mag jy eers nagmaal gebruik. Ek kan sommer raai dat baie van julle wonder wat dit beteken om belydenis van geloof af te lê. Dit beteken dat jy openlik (voor die hele gemeente) se:
 - dat jy in God glo;
 - dat jy glo dat God jou Vader is;
 - dat jy glo dat Jesus jou sondes vergewe het;
 - dat jy altyd aan die Heilige Gees gehoorsaam sal wees;
 - dat die Bybel die Woord van God is;
 - dat jy die Here liefhet;
 - dat jy sal luister as die dominee en kerkraad jou moet tug (straf) vir iets wat jy verkeerd gedoen het.
- Die Bybel sê in 1 Korintiërs 11:28 dat jy jouself eers goed moet "ondersoek", voordat jy nagmaal mag gebruik. Omdat jy nog so jonk is en jou geloof nog baie moet groei en "ryp" word, kan jy jouself nie nou al goed genoeg ondersoek, om so 'n belangrike besluit te neem nie.

Maar dit beteken nie dat jy nou op die kantlyn staan en aan niks kan deelneem nie. Al kan jy in hierdie stadium in jou lewe nog nie self die brood eet en die wyn drink nie, kan jy aan die feesmaal deelneem deur te *hoor* en te *sien*. Jy kan saam met die gelowiges *dankbaar* wees en jou voorneem (besluit) om eendag as jy groot is, nagmaal op die regte manier te vier.

Ek en ander mense



Hoekom het ek nie 'n maat nie?

Voel dit soms vir jou ook asof niemand van jou hou nie? Voel jy eensaam en alleen, so totaal sonder maats? Daar is niemand met wie jy kan gesels of jou geheime mee kan deel nie. Niemand wat jou verstaan nie. Wonder jy dan waarom dit so is? Daar moet tog 'n rede voor wees.

Kom ons bekijk die saak van 'n ander kant af. Wat verwag jy van jou maat? Hoe moet iemand optree voordat jy hom of haar as vriend aanvaar? Hoe moet jou ideale maat wees? Dalk so:

- *'n Ware vriend is lojaal*

'n Lojale maat is getrou aan jou. So 'n maat sal nie 'n geheim wat julle twee deel, oorvertel nie. 'n Lojale maat sal ook nie van jou skinder, of nuus oor jou by ander mense aandra nie. Weet jy wat sê die Bybel van iemand wat skinder? Salomo sê in Spreuke 10:18: Wie "skinderstories versprei, is 'n dwaas." 'n Dwaas is iemand wat baie dom is, sonder verstand is.

- *'n Ware vriend kan saam met jou bly wees*

Dit is nie altyd maklik om saam met jou maat bly te wees as hy hoër punte in die toets as jy gekry het nie. Dit is ook baie kere moeilik om jou maats geluk te wens as hulle die eerste span gehaal het en jy speel self in die tweede of derde span.

- *'n Ware vriend deel jou hartseer en teleurstellings*

'n Mens se maat vertrou jou as jy swaarkry, hy praat jou moed in as jy moedeloos is. 'n Getroue maat lag nie agteraf as die onderwyser jou straf nie, hy skinder nie saam met die ander kinders as jou ouers besig is om te skei of as 'n ander teëspoed jou tref nie. Maats help mekaar, hulle troos mekaar.

- *'n Ware vriend deel jou belangstellings*

Goeie maats stel gewoonlik in dieselfde dinge belang. As een net wil rugby speel en die ander een wil heeldag met die rekenaar werk, sal dit nie deug nie. Daar is 'n uitdrukking wat sê: "Soort soek soort", en dit is waar. 'n Kind van God, wat elke dag sy Christenskap uitleef, sal nie 'n maat kies wat gedurig vloek, vuil grappe vertel, in die skool rook of oor dinge gesels wat hy weet verkeerd is nie.

- *'n Ware vriend help jou as jy probleme het*

Watter een van jou maats sal jy vra om jou te help as jy 'n groot probleem het? Die maat wie se naam nou in jou gedagtes opkom, is jou regte maat. Jy weet vooraf dat jy op daardie spesifieke maat kan vertrou.

Ons het nou 'n goeie idee gekry van hoe 'n ware vriend behoort te wees. As jy jouself sou toets en hierdie vrae een vir een moes beantwoord, sou jy die toets geslaag het? Wat sou jy antwoord op die volgende vrae? Aan hoeveel van hierdie eienskappe voldoen jy?

- Is jy 'n lojale maat, of kan jou maat jou nie met sy geheime vertrou nie?
- Skinder jy van jou maats? Is jy ook soos die dwaas van Spreuke 10?
- Verklik jy by die grootmense?
- Is jy ook bly as jou maat presteer of is jy groen van jaloesie?
- Troos jy jou maat as dit by die skool of by die huis nie so goed gaan nie?
- Help jy jou maat wat probleme het? Ons weet dat die Here ons help as ons probleme het. Hy stel die voorbeeld, daarom "kan ons ook weer ander help wat in allerlei moeilikhede verkeer" (2 Kor 1:4).
- Stel jy in jou maat se aktiwiteite belang of is jy te besig met jou eie dinge?

Wat sê jou antwoorde wat jy op hierdie vrae kry vir jou? Is jy 'n ware vriend? Nie? Dan weet jy mos nou waarom jy nie maats het nie. "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen" (Matt 7:12).

Gelukkig kan alles verander word. Jy ken mos nou die resep. Iemand wat self 'n lojale maat is en wat opreg in ander belangstel, sal nooit hoef te kla dat ander kinders nie van hom of haar hou nie en dat hy of sy nie maats het nie.

Onthou, iemand wat self 'n ware vriend vir ander is, is nooit sonder maats nie!

My maatjie vloek vreeslik

Het julle al daaraan gedink dat net mense kan praat? Diere kan geluide maak, maar net mense kan met mekaar gesels. 'n Papegaai wat "praat" en 'n paar woorde sê, is eintlik net besig om mense na te aap. Hy praat nie regtig nie, maar sê net woorde agterna wat hy geleer het.

Om te kan praat, is 'n voorreg, 'n baie spesiale gawe. Wat doen jy met hierdie besondere gawe wat God net vir mense gegee het? Waaroor gesels jy? Gebruik jy God se geskenk aan jou om Hom te prys, of gebruik jy jou tong verkeerd? Vloek jy ook vreeslik? Noem jy ook soos jou maatjie sommer kort-kort die Here se Naam?

Hoekom vloek jou maatjie so?

- Hy hoor dit seker by sy ouers of by ander grootmense.

Daar is mense wat vloek en dit nie eers agterkom nie. Dit is 'n slegte gewoonte wat hulle aan geleer het. Maar dit is nie net 'n slegte gewoonte nie, dis sonde. Hulle oortree die derde gebod wat sê: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie" (Eks 20:7).

- Party kinders vloek om aandag te trek.

Hulle dink dat hulle jou met die vloekwoorde beïndruk. Hulle probeer groot en vernaam wees. Hulle wil hê dat jy hulle moet raaksien en probeer met skoktaktiek (om God se Naam te noem) aandag trek. Hulle wil hê jy moet dink dat hulle "brekers" is.

Wat moet ek doen as ek hoor dat iemand vloek?

As jy iemand hoor vloek, mag jy nie stilbly nie. Jy moet hom of haar vermaan en sê dat dit verkeerd is om te vloek. As jy stilbly en niks sê nie, lyk dit asof dit jou nie pla nie. Hulle weet dalk nie eers dat hulle sonde doen nie.

As jy te skaam is om vir jou maatjie te sê dat hy *nie* mag vloek nie, doen jy ook verkeerd. Jesus het gesê dat Hy nie iemand by die Vader sal bely (verdedig) as hulle Hom nie op aarde bely het nie.

Wat het in die Bybelse tyd met vloekers gebeur?

In die Bybelse tyd is mense wat gevloek het, gestenig — ja, met klippe doodgegooi! Lees 'n bietjie wat staan in Levitikus 24:16: "Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi." 'n Mens wat God se naam "oneerbiedig gebruik, moet sterf."

Sou jy kon kerk toe gaan as jy in die Bybelse tyd geleef het? Sou jy veilig gewees het, of is jy ook een van die vloekers? Sou die gemeentelede jou gegryp en met klippe gaan doodgooi het?

Dink voor jy praat

Ons moet altyd oppas wat ons sê. Koning Dawid het gebid en gevra: "Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê" (Ps. 141:3). Weet julle wat 'n wag is? Ja, dit is iemand wat die ingange en uitgange van plekke bewaak. As daar 'n wag voor jou mond is, beteken dit dat die wag moet keer dat daar nie vloekwoorde by jou mond uitgaan nie.

Die Bybel sê nie net dat jy nie die Here se Naam mag misbruik nie, maar verbied ook vuil taal. Dit sluit byvoorbeeld dinge soos vloekwoorde, skelname en vuil grappe in. "Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is ..." (Ef. 4:29).

Jy moenie sommer net praat nie, maar eers dink voordat jy praat. Jy moet oppas wat jy sê, want 'n mens kan iemand anders baie seer maak as jy hom vloek, van hom skinder, hom spot of van hom nuus aandra.

Gebruik jou tong op die regte manier

Jy kan jou tong op twee maniere gebruik, ten goede of ten kwade — vir 'n goeie doel of vir 'n slegte doel. In Jakobus 3:9 staan: "Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense ..." Die eerste gebruik is reg en die tweede gebruik is verkeerd. Gebruik jy jou tong reg of verkeerd?

Die Bybel sê presies hoe jy jou tong moet gebruik: "Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie" (Ps. 34:14). Jy mag dus nie kwaadpraat of leuens vertel nie! Die Bybel beveel jou om jou tong te beskerm teen wat verkeerd is. Jy moet keer dat jou tong nie vloek of jok nie. Moenie jou tong verkeerd gebruik nie, gebruik hom lievers om vir almal van die HERE te vertel.

My maatjie kyk af

Is dit net jou maatjie wat afkyk of het jy self ook al afgekyk? Net jy ken die regte antwoord op hierdie vraag, niemand anders kan dit namens jou beantwoord nie. 'n Mens kan maklik dink dat afkyk nie so 'n groot sonde is nie, want dit word nie direk in die Tien Gebooe verbied nie. Maar dis nie waar nie, as jy afkyk is jy besig om te steel! Jy steel iemand anders se kennis. Jy steel sy harde werk en gebruik dit tot jou eie voordeel.

As jy iets op 'n onregverdige manier gebruik, maak jy ook soos Delila (Simson se vrou) en die Filistyne. Toe sy vrou die antwoord van die raaisel by hom afgesmeek en aan haar mense verklap het, het hy vir hulle gesê: "Julle het met my kalf geploeg anders sou julle nie die antwoord op my raaisel gevind het nie!" (Rig 14:18). Hulle het op 'n oneerlike manier te werk gegaan om Simson se kennis te gebruik.

Daar is 'n spesifieke voëltjie wat gedurig ander voëls se arbeid gebruik om homself te bevoordeel. Weet jy van watter voëltjie ek praat? Hy roep en roep sonder ophou, drie kort fluite na mekaar, 'n oomblik stilte en weer drie roepe. So hou hy aan totdat sy vroutjie na hom toe gaan. Ja, jy kan seker raai, dis die piet-my-vrou. Almal ken hom.

Weet jy waarom hy so sit en roep? Hy is te lui om self 'n nessie te bou en dan soek hy orals rond totdat hy 'n mooi nessie van 'n ander voëltjie kry. Dan roep hy sy vroutjie om in die stilligheid daarin 'n eiertjie te lê, sodat die ander voëltjie die eiertjie vir hulle kan uitbroei.

Sodra die eiers uitkom, moet die klein voëltjies kos kry. Die ouers moet wurmpies en saadjies gaan soek en vir die kleintjies voer. Nou kom dit daarop neer dat die ander voëltjie nie net die piet-my-vrou se eier uitbroei nie, maar ook nog hulle kleintjie moet grootmaak. Die piet-my-vrou het self niks gedoen nie, maar die hele tyd op die ander voëltjie geteer. As hy so roep, sê ek altyd in my gedagte saam met sy drie fluite: "Piet-my-vrou, sies vir jou! Piet-my-vrou, sies vir jou! Piet-my-vrou, sies vir jou!"

Het jy al daaraan gedink hoeveel ooreenkomste daar tussen 'n afkyker en 'n piet-my-vrou is? Altwee is met verkeerde dinge besig. Dink net:

- * Hulle steel. Jy steel nie net as jy iemand anders se goed, soos byvoorbeeld 'n pen of potlood vat nie, jy steel ook as jy enigiets anders wat aan hom behoort, vir jou vat. Die piet-my-vrou steel die ander voëls se arbeid en die afkyker steel die ander kind se kennis wat hy deur harde werk verkry het. So oortree hulle die agtste gebod wat sê: "Jy mag nie steel nie" (Eks 20:15).
- Hulle begeer. Die piet-my-vrou begeer die ander voël se nessie en die afkyker begeer die ander kind se goeie punte. Op die manier oortree hulle ook die tiende gebod wat sê: "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. . . of enigiets anders wat aan hom behoort nie" (Eks 20:17).
- Altwee is ewe lui. Hulle wil graag dinge gedoen hê, maar is te lui om dit self te doen. Nou gebruik hulle ander om hulle werk vir hulle te doen. Terwyl die ander voël die piet-my-vrou se eier uitbroei en hulle kleintjie kos gee, vlieg hulle lekker rond. Terwyl die afkyker iets lekkers doen soos om te gaan swem of by 'n maat te gaan kuier, moet die persoon by wie hy of sy afkyk, hard leer. Dis mos nie regverdig nie!

Weet jy wat die Bybel daarvan sê?

- Moet nooit aan iemand anders iets doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie (Matt 7:12).
- God weet alles. Al doen jy iets in die geheim, al dink jy dat niemand jou sien nie. God sien alles — ook as jy afkyk. Daar staan in Prediker 12:14 dat die Here 'n mens vir al jou verkeerde dade straf, "ook oor wat in die geheim gedoen word."
- Waarsku jou maat. Sê dat dit verkeerd is. Dit is 'n oortreding van God se wet. Jy mag nie stilbly as jy sien dat 'n maat afkyk nie. Help jou maat om die regte pad te loop (Matt 18:15 en 16).

As jou maat nie na jou wil luister nie, moet jy vir die onderwyser daarvan sê. Al dink jou maat dat jy 'n verklikker is, 'n regte "klikbek", weet jy self dat jy die regte ding gedoen het. Die belangrikste van alles is egter dat die Here dit ook weet. Hy weet dat jy jou maat gewaarsku het.

As my ouers stry en baklei

Dis nie lekker as gesinslede met mekaar baklei nie. Dit maak jou bang. 'n Mens voel asof jy wil kamer toe hardloop, die deur agter jou toesluit en jou vingers in jou ore druk om die geskree stil te maak. Jy wonder wat van jou gaan word as hulle besluit om te skei.

Party ouers stry nie net nie, maar slaan mekaar. Baie kere drink die pa hom dronk en dan loop almal deur. Hy slaan almal wat voorkom, tot sy vrou ook. So 'n ouer is gewoonlik vreeslik spyt daarvoor as hy weer nugter is (nie meer dronk is nie). Hy belowe dan om dit nooit weer te doen nie. Die belofte hou egter net tot hy weer begin drink. Dan is dit weer die ou storie. Stry, skreeu, slaan . . .

In ander huise gaan dit nie so erg nie, die ouers verskil, maar maak weer vrede. Dit is soos jy en jou maat wat met mekaar baklei. Julle bly tog nie vir altyd vir mekaar kwaad nie, maar speel na 'n rukkie weer lekker saam. So gaan dit ook maar met grootmense. Hulle verskil oor 'n saak, stem nie met mekaar saam nie en maak dan rusie daarvoor. Na 'n ruk oortuig die een die ander van sy saak en dan maak hulle weer vrede.

Moenie kant kies of inmeng nie

Omdat jy nie presies weet wat aangaan nie, moet jy liewers nie kant kies nie. Jy kan nie sommer besluit dat jou pa altyd reg is en jou ma altyd verkeerd is nie. In 'n stryery is altwee skuldig, die een dalk meer as die ander, maar daar is nooit een wat heeltemal onskuldig is nie.

Moenie inmeng terwyl jou ouers baklei nie. Wag tot na die rusie en gaan praat dan met elke ouer waar julle alleen bymekaar is. As een van hulle drink, moet jy wag tot hy of sy weer nugter is voordat jy met hom of haar praat.

Praat jou hart uit

Sê vir hulle:

- dat dit jou bang maak as hulle so baklei;
- dat jy nie weet wat van jou gaan word as hulle dalk skei nie;
- dat jy bang is dat die polisie jou pa sal vang as hy jou ma so slaan.

Wie kan jou help?

Dit sal nie regtig help as jy vir al jou maats vertel dat jou ouers so baklei nie. Hulle kan tog niks doen om die saak op te los nie. Dit kan dalk net lei tot 'n geskinder en geterg. Dan dink hulle boonop ook nog sleg van jou ouers.

Dis so maklik om altyd sleg van iemand anders te dink. Jy soek die splinter in ander mense se oë en vergeet van die balk in jou eie oë (Luk 6:41 en 42). Jy vergeet dat jy net soveel foute as hulle maak, dalk nog meer en nog groter foute. Die vyfde gebod sê nie net dat jy jou ouers moet eer, liefhê en gehoorsaam nie, maar ook dat jy met hulle gebreke (foute en tekortkominge) geduld moet hê. Moenie net veroordeel nie, maar gaan soek eerder hulp vir hulle.

Die beste plan is om met die dominee te praat. Maar hoe kry jy dit reg? Jy kan dalk nie by die pastorie (die dominee se huis) uitkom nie. Baie keer is 'n mens skaam vir die dominee. Jy hoor hom wel gereeld preek, maar jy ken hom nie eintlik goed nie.

Het jy geweet dat predikante op universiteit geleer het hoe om sulke probleme te hanteer? Hulle weet presies hoe om jou te help. Daar is spesiale plekke waar ouers wat drink, gesond "gedokter" kan word. Die dominee kan met jou ouers gaan praat en hulle help om hulle probleme op te los. Jou pa en ma weet ook, net soos wat ek en jy weet, dat dit eintlik die Here is wat met hulle praat.

Jy kan alles vir die dominee vertel. Selfs as een van jou ouers iets baie verkeerd en leliks met jou gedoen het. Iets wat so erg is dat dit jou bang vir jou pa of ma maak. 'n Dominee vertel nooit vir ander wat jy in die geheim vir hom vertel het nie. Hy luister na

jou probleem en help jou.

'n Ander moontlikheid is om vir jou katkisasie-onderwyser of -onderwyseres hulp te vra. Jy kan ook by die skool met jou gunsteling-onderwyser praat. Dis 'n goeie plan om te wag totdat die ander kinders weg is en dan waar julle alleen bymekaar is, die saak te bespreek.

Vra die Here om jou te help

Bid sonder ophou. Smeeek die Here om jou te help. Vertel Hom wat jou pla. Bid vir jou ouers. Vra die Here om hulle harte te verander dat hulle nie aanhou om so te baklei nie.

Die Here hoor elke gebed wat jy bid. Hy het belowe om jou te help. As jy nog moedeloos is, lees sy belofte in Jesaja 41:10: "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou."

Ouers wat skei

Jy hoor baie kere van mense wat skei. Party kere is dit vreemde mense wat skei, ander kere is dit jou maat se ouers wat skei, maar die ergste is om te hoor dat jou eie ouers gaan skei.

Jy weet nie wat om te doen nie. Hoe moet jy die saak hanteer? Moet jy daaroor praat of stilbly? Moet jy hulp aanbied? Alles hang af van wie die persone is wat skei.

- By onbekendes doen jy niks, want jy ken nie hulle omstandighede nie.
- As dit jou maat se ouers is moet jy hom of haar help en troos.
- As dit jou eie ouers is, is jy voluit betrokke. Dan moet jy baie dinge doen.

As jou maat se ouers skei

As jou maat se ouers skei, veroorsaak dit 'n krisis in hulle lewens. Hulle het dan hulp nodig. Die belangrikste hulp wat jy kan aanbied, is om met aandag te luister as jou maat daaroor praat.

- Gee jou maat kans *om* sy hart uit te praat.
- Moenie allerhande nuuskierige vrae vra nie.
- Moenie oorvertel nie. Jou maat het jou vertrou.
- Luister en troos. Praat hom of haar moed in.
- Moenie heeltyd vertel hoe gelukkig jou eie ouers is nie.
- Bid vir jou maat en vir sy of haar ouers.

As jou eie ouers skei

Iemand wat skei, doen sonde. In Eksodus 20:14 staan: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie." Dit beteken dat God gesê het dat niemand die eg (huwelik) mag breek nie. Wat God saamgevoeg het, mag geen mens verbreek nie.

Wat nou? Beteken dit dat jou ouers nou nie meer aan die Here behoort nie? Is hulle verlore omdat hulle so 'n groot sonde gedoen het? Wat is die antwoord wat die Bybel op hierdie vrae gee, en wat sê God self sal met hulle gebeur?

As hulle opreg jammer is en by God pleit (smeek) dat Hy hulle moet vergewe vir die verkeerde daad wat hulle gedoen het, sal Hy hulle sy vergifnis gee.

* Luister wat sê die Here in Jesaja 1:18: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."

God vergewe nie net nie. Hy bly ook nie kwaad vir 'n sondaar wat vergifnis gevra het nie. Hy sê self dat Hy jou sonde in die "diepsee" gooi en dan daarvan vergeet. Hy haal dit nie weer uit en verwyт jou oor en oor vir die verkeerde ding wat jy gedoen het nie. Lees Miga 7 in die Ou Testament en kyk of jy die volgende gedeelte kan kry:

- My God sal my gebed verhoor.
- U vergewe my sondes.
- U bly nie vir altyd kwaad nie.
- U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.

As God die mense wat geskei het, vergewe (en daarvan vergeet), mag jy vir altyd vir hulle kwaad bly oor dit wat hulle verkeerd gedoen het? Mag jy aanhou verwyт? Doen jy nie ook baie sonde nie?

Het hulle jou ooit nog lief?

Jou ouers is mos nie vir j^óú kwaad nie. Hulle het geskei omdat hulle nie met mekaar kan klaarkom nie. Nie omdat hulle nie met jou oor die weg kan kom nie. Hulle het jou nog net so lief soos voor die tyd. Eintlik liewer, want nou kry hulle jou nog jammer ook.

- Hulle kry jou jammer omdat jy nie meer 'n gewone ouerhuis soos ander kinders het nie.
- Hulle voel skuldig omdat dit hulle skuld is dat jy swaarkry. Dalk terg jou maats jou oor hulle egskeiding.
- Hulle is bekommerd oor geld, want dit is duurder om twee huise aan die gang te hou. Jy gaan ook daaronder ly.

Praat met mekaar!

Vertel vir jou pa en ma hoe swaar jy kry, hoe jammer jy is dat hulle geskei is. Noem jou probleme op. Vra waar jy gaan bly, wie vir jou gaan sorg, wat vakansietye van jou gaan word, wat gaan gebeur as een van hulle weer trou.

Vra of hulle jou nog net so lief soos altyd het. Verseker hulle van jou liefde. Sê dit oor en oor. Hulle kry ook swaar en wonder of jy hulle vergewe het. Maak die beste van 'n slegte saak. Julle kan nog gelukkig wees, al sien jy nie albei jou ouers eweveel nie.

Moenie dink dat die lewe nou nie meer die moeite werd is en jy 'n mislukking is net omdat jou ouers geskei is nie. Jy is en bly dieselfde mens, al is jou ouers geskei! Sorg jy net dat jy nie agter die egskeiding skuil en dit as verskoning vir jou eie foute en mislukkings gebruik nie.

Twee huise

Jy het nou skielik twee huise. Jy *bly* by die een ouer en *kuier* by die ander ouer. Wat *moet* jy doen en wat *mag* jy nie doen nie?

- Moenie skinder nie! Dit doen net skade as jy die een ouer by die ander ouer beskinder. Dit maak almal ongelukkig. Jouself ook, want jy voel skuldig omdat jy so lelik optree.
- Moenie vergelyk nie! Een ouer besit gewoonlik meer as die ander. Een bederf jou meer of straf jou meer. Mense verskil. Voor die egskeiding het hulle ook verskil, hoekom wil jy nou kant kies?

Wees lief vir mekaar! Aanvaar elkeen se omstandighede so goed soos wat jy kan. Tree so op dat hulle bly is om jou by hulle te hê.

Ek en myself



Is jy 'n draadsitter?

Kan jy 'n keuse doen, of is jy 'n regte ou draad-sitter? Iemand wat 'n draadsitter is, is gewoonlik besluiteloos en kan nie kant kies nie. Kan jy kies tussen reg en verkeerd, eerlik of oneerlik, en dan openlik (voor almal) sê wat jy gekies het?

Daar is vier en twintig uur in elke dag. Kom ons sê dat jy vir veertien van die vier en twintig uur wakker is. Daar is sestig minute in elke uur, en weer sestig sekondes in elke minuut. As jy nou 'n sommetjie maak, sal jy sien dat jy ongeveer vyftig-duisend sekondes per dag wakker is.

Het jy al daaraan gedink dat 'n mens amper elke sekonde van jou lewe 'n keuse moet doen? Jy mag dan nie 'n draadsitter wees nie, maar moet self jou keuse doen. Niemand anders kan namens jou (in jou plek), besluit nie. Nie jou pa of ma, of jou beste maat nie. Dis iets wat jy self moet doen.

Elke woord wat jy sê,
elke gedagte wat jy dink,
elke daad wat jy doen,
elke tree wat jy loop,
is 'n keuse wat jy doen.

Jy moet kies tussen soet wees en stout wees, tussen goed doen of kwaad doen, tussen reg en verkeerd.

Dink jy goed na voor dat jy jou keuse doen?

Voordat 'n mens in enige saak kan kant kies, moet jy seker maak dat jy weet waaroor die spesifieke saak handel. As jy vir 'n spanleier of klaskaptein moet stem, moet jy weet wat elke kandidaat se beleid is, met ander woorde, hoe hy beplan om op te tree, indien hy verkies sou word.

Jy hoef nie noodwendig vir die kandidaat te vra om sy beleid vir jou uit te spel (te verduidelik) nie, jy kan 'n oordeel vel en kant kies, deur aan sy optrede in die verlede te dink.

Veronderstel daar is twee kandidate. Die een is 'n opstoker. Hy is die een wat sy maats aanmoedig om motors of fietse se bande af te blaas, klippe op dakke te gooi, of selfs ruite stukkend te gooi. Hy stel voor dat die groep wegbly van katkisasie of atletiekoefeninge af, en in daardie tyd eerder gaan fliek.

As jy dink dat sy optrede reg is, moet jy 'n kruisie agter sy naam trek, anders moet jy nie vir hom stem nie. Jy moet besluit! Jy mag nie 'n draadsitter wees nie!

Die ander kandidaat glo weer anders. Hy voel dalk dat dit verkeerd is om sommer van 'n skool- of kerk-aktiwiteit af weg te bly, net omdat jy nou iets anders kan doen, wat dalk lekkerder is. Hy glo dat jy jou afspraak moet nakom. Hy weet presies wanneer katkisasie is, en ook wanneer hy veronderstel is om koor, atletiek of rugby te gaan oefen. 'n Mens bly nie sommer net weg en gaan hou partytjie in daardie tyd nie.

Daar is 'n baie bekende spreekwoord wat sê: Besin eer jy begin." Dit beteken dat jy eers goed moet nadink voordat jy iets doen. Jy moet besluit met watter kandidaat se beleid jy saamstem. Jy mag nie 'n draadsitter wees wat te bang is om kant te kies nie. Jy mag net vir een van die twee kandidate stem. Jy moet besluit aan wie se kant jy is. Jy kies tussen:

- reg of verkeerd;
- soet of stout;
- gehoorsaam of ongehoorsaam;
- verantwoordelik of onverantwoordelik;
- eerlik of oneerlik.

Waar trek jy jou kruisie in hierdie verkiesing?

Jy moet elke dag kant kies. As jy op enige tydstip in jou lewe voor so 'n keuse gestel word, is jy eintlik besig om te kies tussen God en Satan, tussen die regte en verkeerde pad.

- Stem jy vir God, vir Hom wat goed en waar is?
- Of stem jy vir Satan, die kandidaat vir alles wat verkeerd en onwaar is?

Natuurlik sal julle dadelik antwoord dat julle vir God stem. Niemand wil tog graag sy kruisie agter die duivel se naam trek nie. Maar kom ons kyk 'n bietjie na die vyftigduisend besluite wat ons per dag neem, die vyftigduisend kruisies wat ons per dag trek. Jy sal verbaas wees om te sien hoeveel kruisies jy agter die verkeerde naam trek.

- Waarheid en leuen

Iemand vra jou 'n vraag. As jy die waarheid praat, kom jy in die moeilikheid. Jy is bang vir straf. Dis die maklikste om 'n leuen te vertel, om te jok. Jy doen 'n keuse —jy kies tussen waarheid en leuen. Omdat jy jouself wil beskerm, kies jy verkeerd. Jy dink nie voor jy doen nie! Jy trek jou kruisie agter die verkeerde kandidaat se naam. Jy stem vir Satan, die vader van die leuen in plaas van vir God, die Vader van die waarheid.

Kan jy ook sê: "Ek praat die waarheid, ek lieg nie" (1 Tim 2:7)? Of het jy die "waarheid van God verruil vir die leuen?" (Rom. 1:25).

Vyftigduisend sekondes per dag. Vyftigduisend keuses. Vyftigduisend kruisies. Twee kandidate. Jy moet kies! Jy moet stem!

- Eerlik of oneerlik

Jy koop iets in 'n winkel. Jy betaal met 'n vyfrand-noot. Die persoon by die kasregister gee vir jou tien rand se kleingeld. Jy sien die fout raak, maar bly doodstil en "maak vyf rand wins." Het jy gedink voor jy gedoen het?

Is jy net 'n "woord"-Christen wat sê dat jy eerlik is, of is jy 'n "daad"-Christen wat jou eerlikheid uitleef? 'n Woord-Christen, hou die verkeerde kleingeld, maar 'n daad-Christen, gee die vyf rand wat hy te veel gekry het, terug.

Net jy self sal weet waar jy jou kruisie sou getrek het, as so iets met jou gebeur het. Sou jy vir die regte kandidaat gestem het?

Paulus sê: "As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien ..." (Ef 4:28).

Wat doen die Here met jou as jy verkeerd stem?

En as jy dan per ongeluk jok, kul, steel of iets anders verkeerd doen, as jy baie kruisies verkeerd getrek het, wat dan? Wat gaan die Here met jou doen?

Die Here wil hê dat jy altyd jou sonde moet bely, met ander woorde, vir Hom van jou verkeerde dade vertel. Jy moet berou daaroor hê (jammer wees) en belowe om dit nie weer te doen nie. Almal moet kan sien dat jy nie net 'n woord-Christen is nie, maar 'n daad-Christen is, dat jy die verkeerde pad gelos het, en nou op die regte pad loop. As jy nie net lippetaal praat nie, maar harttaal (ware berou het), sal die Here alles wat jy verkeerd gedoen het, vergewe en jou help.

Dawid sê in Psalm 37:24 dat die Here sy kinders help. As hulle verkeerd gekies het, los Hy hulle nie net so nie. "As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op."

Sorg net dat jy volgende keer reg kies. Stem reg as jy moet kies tussen:

- reg of verkeerd;
- eerlik of oneerlik;
- soet of stout;

- gehoorsaam of ongehoorsaam.

Besin eer jy begin! Dink voor jy doen! Trek jou kruisie agter die Naam van Jesus Christus!

Ek is nie so mooi en so ryk soos ander kinders nie

Wens jy ook soms dat jy so mooi of so slim of so ryk soos iemand ander is? As jou maat met 'n splinternuwe fiets rondry en joune klink soos 'n rammel-kas, sal jy seker graag met hom wil plekke ruil, nê?

Voordat jy so graag met iemand anders wil plekke ruil, moet jy eers mooi dink of hulle werklik meer as jy het. Al het hulle baie geld, het hulle dalk nie so 'n wonderlike pa of ma soos wat jy het nie. Is jou maat wat soveel mooier en slimmer en ryker as jy is, altyd *gelukkiger* as jy?

Weet julle hoeveel dinge daar is wat geld nie kan koop nie? Kan vriendskap gekoop word? Hou jy altyd die meeste van die mooiste of die rykste kind in jou klas? Natuurlik nie! Baie kere is jou beste maat nog leliker of armer as jyself.

Het jy geweet dat jy skatryk is? Dat jy nie op jou ryk maatjies jaloers hoef te wees nie. Weet jy hoe baie goed het jy wat jy kan weggee? Jy glo dit nie? Lees gerus verder.

Geskenkies hoef nie altyd iets te wees wat in winkels gekoop word nie. Geskenkies hoef nie altyd iets te wees wat 'n mens in geskenkpapier toedraai nie. Dit kan ook iets anders wees. Kan jy jou liefde vir jou ouers in 'n winkel koop of jou aandag en tyd wat jy aan iemand bestee in geskenkpapier toedraai?

Al het jy nie baie geld nie, kan jy nog skatryk wees

Sit 'n rukkie doodstil en dink aandagtig. Wat het jy alles wat jy kan weggee? Dinge wat nie geld kos nie.

- *Tyd en hulp*

Ja, jy kan van jou tyd gebruik om by 'n maatjie wat siek is, te gaan kuier. Jy kan jou ouers verras deur iets te doen wat hulle altyd self moet doen. Dink net hoe bly sal hulle wees as jy die wolhaar-hondjie bad en droogborsel, dit spaar hulle 'n klomp tyd en moeite en dit kos jou niks, net 'n bietjie van jou tyd.

Dis onmoontlik om al die moontlikhede op te noem van hoe jy ander mense kan help. Dink self 'n bietjie wat die mense om jou die meeste sal waar-deer as jy dit vir hulle doen. Moenie net dink nie, *doen dit* dan en kyk hoe bly maak jy die persoon aan wie jy dit doen.

- *Liefde*

Dit is jou kosbaarste geskenk. Niemand kan 'n groter geskenk as sy liefde vir iemand anders gee nie.

In die Bybel in 1 Korintiërs 13 word die liefde mooi beskryf:

- Die liefde is geduldig.
- Die liefde is vriendelik.
- Die liefde is nie afgunstig (jaloers) nie^e.
- Die liefde is nie grootpraterig nie.
- Die liefde is nie verwaand (hoogmoedig) nie.
- Die liefde soek nie sy eie belang nie (jy dink nie net aan jouself, aan wat jy wil hê nie, maar ook waarvan ander mense sal hou en wat hulle graag wil hê).
- Die liefde hou nie boek van die kwaad nie (jy onthou nie die slegte dinge wat ander mense aan jou gedoen het nie, jy vergewe hulle en vergeet dan daarvan).

Begin sommer vandag nog weggee. Gee vir al die siekes en eensames van jou tyd, jou hulp en jou liefde. Kyk rondom jou en help almal wat lyk asof hulle hulp nodig het. Gee soveel liefde weg as wat jy kan, want dit raak nooit op nie. Hoe meer liefde jy gee, hoe meer liefde kry jy terug en hoe mooier word jy!

Weet jy wat die Bybel hiervan sê? "Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang" (Hand 20:35).

Wanneer is iemand mooi?

Party mense sê dat iemand mooi is as hy of sy mooi blou oë of dalk groot bruin oë het. Een mens kies 'n kort fyn blonde meisie en 'n ander een kies weer 'n lang slank donkerkop. Party hou van 'n mollige rooikop. Smaak verskil. Wat vir die een mens mooi is, is vir die ander een lelik.

Dit is egter nie so belangrik hoe jy van *buite* lyk nie. Wat wel belangrik is, is hoe jy van *binne* lyk. Skoonheid lê nie in 'n mooi gesiggie of maer lyfie nie — skoonheid lê in 'n mooi hart.

In 1 Samuel 16:7 sê die Here vir Samuel: "Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike." Die Here kyk na die mooi hart.

As jy liefdevol en vriendelik is, eerlik en opreg is, mense om jou help en gelukkig maak, is jy beeld-skoon. Onthou, 'n mooi innerlike word altyd na buite weerkaats. Dan sien jou vriende ook dit wat die Here sien — jou mooi hart!

Ek het nie die span gehaal nie

Klop jou hart ook met sulke swaar slae as jy benoud is? Dan voel dit kompleet asof jou mond kurkdroog is. Dis hoe 'n mens baie kere voel as jy wag om te hoor of jy "ingekom" het. Jy wag om te hoor of jy as prefek verkies is, of jy die span gehaal het, of jy die hoogste punte in die toets gekry het, of jy die boekprys gewen het . . .

Daardie gevoel van teleurstelling as almal se name gelees word en jou naam word nie genoem nie, is vreeslik. Jy wil huil, maar steek die trane so goed as moontlik weg. Jy maak asof jy nie omgee nie, maar in werklikheid gee jy baie om. Die ergste van alles is as al jou maats suksesvol was en jy die enigste een is wat uitgeval het.

So 'n krisis kom een of ander tyd in elke mens se lewe voor. Daar is niemand wat deur die lewe gaan sonder om 'n teleurstelling te beleef nie. Dit gaan egter nie om die mislukking self nie, maar oor wat jy daaromtrent doen. Sit jy jouself en jammer kry, of maak jy die beste van 'n slegte saak?

Jy moet in die eerste plek begin om die saak te ontleed (te ondersoek). Probeer vasstel wat die rede is hoekom jy onsuksesvol was.

- As jy nie die hoogste punte in die klas gekry het nie, is daar meer as een rede voor:
 - jy het dalk nie hard genoeg geleer nie;
 - jy is dalk nie die slimste kind in die klas nie;
 - jou talent (begaafdheid) lê dalk in 'n ander rigting.
- Ondersoek die saak as jy nie die span gehaal het nie. Vra vir jouself die volgende vrae:
 - was ek gereeld by elke oefening?
 - is daar nie ander kinders wat beter as ek is nie?
 - sal ek nie beter vaar op 'n ander gebied nie?

Jy kan dalk nie vinnig hardloop nie, maar is 'n goeie swemmer. 'n Ander kind staan nie eerste in die klas nie, maar kan pragtig sing of teken. Ontleed jouself. Soek jou talente en gebruik hulle. Bid en vra die Here om jou te help sodat jy jou talente kan raaksien en ontgin.

Die Here het vir elke mens wat Hy geskep het, een of ander talent gegee. Het jy geweet dat dit 'n besondere gawe is om:

- geduldig te wees;
- vriendelik te wees;
- 'n vredemaker te wees;
- sagmoedig (nie bakleierig nie) te wees;
- barmhartig te wees (meegevoel met iemand te hê).

Die Here noem sulke mense "geseëndes" (Matt 5:3 tot 12). Kan jy nou sien dat dit nie net eerste-spanspelers of vreeslike slim kinders is wat talentvol is nie?

Een van die mooiste voorbeelde hiervan kom in die Bybel in die gelykenis van die muntstukke voor (Matt 25:14 tot 30). 'n Man het drie slawe gehad. Vir die een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander een twee en vir die laaste een net een goue muntstuk. Die vraag is toe wat hulle met hulle muntstukke (talente) gedoen het. Het hulle dit benut (gebruik) of sommer in 'n gat in die grond begrawe (nie gebruik nie)?

Het jy raakgesien dat die Here vir die twee slawe wat hulle muntstukke (talente) goed gebruik het, dieselfde lof gee? Altwee hoor presies dieselfde woorde: "Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf ..." (Matt 25:21 en 23). Hy het nie die een wat tien muntstukke

teruggegee het, meer geprys as die een wat vier munte teruggegee het nie. Althuis het hulle gawe verdubbel.

Lees wat Hy vir die ander slaaf sê. "Jy is 'n slegte en lui slaaf!" (Matt 25:26). Die slaaf is nie sleg omdat hy net een muntstuk ontvang het nie, nee, hy is sleg omdat hy nie die gawes en talente wat God vir hom gegee het, benut het nie.

Daar kan net vyftien spelers in die eerste rugbyspan of sewe in die eerste netbalspan wees. Net een atleet kan die lint in 'n wedloop breek. Daar is net een hoofseun of hoofmeisie in die skool, maar in die lewe is daar baie weners.

As jy jouself ontleed, jou talente soek en elke dag na die beste van jou vermoë gebruik, is jy ook 'n wener. Dan het jy die belangrikste span wat daar is, gehaal en sal die Here vir jou ook sê: "Mooi so! . . . Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel" (Matt 25:21).

Dis nie lekker by die skool nie

As 'n mens vir meer as vyf uur per dag en vir vyf dae per week ongelukkig by die skool is, is dit baie swaar. Daar moet net eenvoudig 'n oplossing vir so 'n groot probleem wees. Kom ons soek saam daarna.

Weet jy hoe 'n mens 'n eksperiment doen? Dit is as jy iets uittoets om te sien of dit goed werk en of dit 'n mislukking is. Ek wil graag hê dat almal wat sê dat dit baie sleg by die skool is, drie eksperimente moet doen. Jy moet kyk of dit slaag of misluk.

As jy weer by die skool kom, moet jy vir 'n rukkie om jou sit en rondkyk. Hou die kinders 'n bietjie dop. Kyk na hulle gesigte. Is hulle vriendelik of onvriendelik? Lag en gesels hulle of sit hulle met suur en lang gesigte voor hulle en staar?

Die eerste eksperiment

Die eerste eksperiment wat jy nou moet doen, is om vir elke kind wat vir jou kyk, te glimlag. Tel dan 'n bietjie hoeveel kinders vir jou terug glimlag. Kyk ook hoeveel kinders net so nors en onvriendelik bly soos wat hulle was voordat jy vir hulle geglimlag het.

Ek raai dat nege uit die tien kinders jou glimlag met net so 'n breë glimlag beantwoord het. Dis een van die geheime om skoolgaan lekkerder te maak. Niemand hou van 'n nors en onvriendelike kind nie. Brombere en knorpotte wat met 'n suur trek om die mond en 'n klomp plooië tussen die oë rondloop, het nie maats nie. Daarom is skoolgaan vir hulle sleg.

Paulus noem in Galasiërs 5:22 nege kenmerke van 'n kind van die Here op. Dit is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (om nie gou kwaad te word nie). Hoeveel van hierdie kenmerke kan jou maats in jou optrede raak-sien?

As jy sommer die volgende keer wat jy by die skool kom, jou lelike onvriendelike gesig verander in 'n mooi vriendelike gesig, gaan jy 'n reuseverandering by die ander kinders sien. Jou eerste eksperiment sal slaag. As jy 'n glimlag "gee", sal jy een terug ontvang!! (Nege uit die tien kere). Die tiende ou wat onvriendelik bly, ken nog nie jou geheim nie. Hy weet nie van beter nie. Jy kan hom later van jou eksperiment vertel, en dat dit werk.

Die tweede eksperiment

Die tweede eksperiment is baie moeiliker om uit te toets. Jy moet besluit om vir 'n hele week lank elke dag jou huiswerk gereeld te doen. Let op in die klas. Luister na die onderwyser. Doen al jou werk getrou. Probeer jou bes om alles so goed as wat jy kan, te doen. Onthou, wat "julle ook al doen, doen dit van harte (met jou hele hart) soos vir die Here en nie vir mense nie" (Kol 3:23).

Kan jy raai wat sal gebeur as jy elke dag jou werk heelhartig (met jou hele hart) doen? Weet jy wat die uitslag van die eksperiment sal wees? Ek dink jy weet. Almal se monde sal oophang van verbasing. Die onderwyser sal jou prys. Jy sal amper nooit raas kry nie. Jy sal gelukkig wees in die klas en skoolgaan sal lekker word!

Die derde eksperiment

Dan is daar nog 'n eksperiment wat jy moet doen. Die laaste een van die drie. Hierdie keer moet jy wag tot pouse. Jy moet weer rondom jou kyk en die kinders vir 'n rukkie dophou. Jy sal sien dat daar "spelers" en "sitters" is. Ek raai dat al die "spelers" vrolik lag en gesels. Hulle is besig om iets lekkers te doen. Party sit in 'n kring en grappies maak, ander spring tou of skop 'n bal rond. Al die "doeners", die wat met iets besig is, is gelukkig. Skool is vir hulle lekker!

Die "sitters" sit gewoonlik eenkant. Alleen. Sonder maats. Hartseer. Is ek reg? Ja, dit gebeur met ouens wat niks wil doen nie.

As die ander kinders wil speel, is hulle nie lus om saam te speel nie. As almal grappies vertel, ken hulle nie eers een grap nie. Al wat hulle kan sê, is: " Ek wil nie " of " Ek is nie

nou lus nie." Skool is vir hulle sleg!

Wat is die uitslag (die antwoord) van die eksperiment wat jy gedoen het? Wat het jy gesien? Vir wie is skool lekker? Vir die "spelers" of die "sitters"? As jy die antwoord op hierdie vraag ken, weet jy ook wat die geheim van die vrolike en gelukkige "doeners" is. Hulle sê nie altyd: "Nee, ek wil nie saamspeel nie. Ek is nie lus nie. Ek kan nie. Ek weet nie hoe nie. Ek ken nie 'n grappie nie.

Oplossing

Is skoolgaan vir jou sleg? Jy ken mos nou die drie geheime wat alles kan verander.

1. Glimlag eerste. Nege uit die tien kinders sal terug glimlag.
2. Werk hard. Doen gereeld jou huiswerk.
3. Speel saam. Neem deel. Word 'n "doener!"

Ek is bang om dood te gaan

Jy is nie die enigste een wat bang is om dood te gaan nie. As jy vir jou maats vra of hulle ook bang is om dood te gaan, sal byna almal sê dat hulle ook bang vir die dood is. Dit is omdat die dood iets onbekends is. Niemand het nog teruggekom aarde toe en vertel wat alles gebeur as 'n mens doodgaan nie.

As jy presies wil weet wat gaan gebeur, moet jy lees wat in die Bybel daaroor staan. Dan sal jy nie meer bang wees om dood te gaan nie, want jy sal besef dat 'n gelowige (iemand wat in die Here glo) na sy dood vir altyd en ewig by die Here is.

Kom ons kyk stap vir stap wat die Bybel daaroor sê.

- *As jy doodgaan, skei jou liggaam en siel*

Almal weet wat 'n liggaam is, maar wat is jou siel? Dis moeilik om te beskryf. Jou siel is die "gedeelte" van 'n mens wat jou gevoelens, gedagtes en verstand bevat. As jy doodgaan, word net jou liggaam begrawe, maar jou siel gaan direk na die Here of na die Satan toe. Gelowiges gaan hemel toe, (na die Here toe) en ongelowiges gaan na die duiwel toe. In Genesis 35 staan daar dat Ragel met die geboorte van Benjamin dood is en dat haar siel uit haar liggaam gegaan het.

- *Die engele vat jou hemel toe*

Jy gaan nie alleen nie, die engele kom jou haal. Lees die gelykenis van die ryk man en Lasarus in Lukas 16. Jy sal dan sien dat toe die arm man doodgegaan het, is hy "deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham" (in die hemel). As jy dit lees, is jy al klaar minder bang om dood te gaan, want jy weet dat die engele jou begelei na die Here toe.

- *Jou aankoms in die hemel*

Die hemel word ook die paradys of die Vaderhuis genoem. Jy word in die Vaderhuis ontmoet (ver-welkom) deur mense wat jy op aarde geken en gehelp het. In Lukas 16:9 staan daar dat "hulle julle in die ewige tente (wonings) kan ontvang." Daar is dus bekendes wat jou sal herken en groet. Maar dit is nie die belangrikste saak nie. Die hoogtepunt van alles is dat jy by die Here is.

- *Jy is dadelik by die Here*

Jy is dadelik by die Here in die hemel. Jou siel is al daar nog lank voor jou liggaam begrawe word. Ons weet nie hoe dit moontlik is nie, maar die Bybel sê dat dit so vinnig soos 'n oogknip gebeur. Eensklaps.

- *Hoe voel dit in die hemel?*

Dit is so wonderlik om by die Here te wees dat niemand dit kan beskryf nie. Dit is mooier as wat enige mens se oë nog gesien of iemand se ore nog gehoor het. Jy kan nie met jou beperkte verstand en gedagtes vir jou 'n voorstelling maak van hoe gelukkig iemand in die hemel is nie. Kyk wat sê Paulus daarvan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir die wat Hom liefhet" (1 Kor 2:9).

- *Wat doen die mense daar?*

Die Bybel sê dat hulle rus. Maar dit beteken nie dat hulle die heelyd niks doen nie. Nee, hulle rus van swaarkry, hartseer, pyn en ongelukkigheid. Almal is volkome gelukkig.

- *Wat van die ongelowiges?*

Wat word van iemand wat nie in die Here geglo het nie? Waarheen gaan hulle nadat hulle dood-gegaan het? Die Bybel praat van hulle blyplek as die gevangenis, die tronk. Hulle is by Satan, weg van God af. Daar kry hulle swaar en ly hulle vreeslik.

- *Hoe weet ek of ek hemel toe sal gaan as ek doodgaan?*

- Die Bybel antwoord met 'n drieletter woord — Glo!

- "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word" (Hand 16:31).
 - "Wie in Hom *glo*, word nie veroordeel nie; wie *nie glo nie*, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie" (Joh. 3:18).
 - Jy moet *glo* dat Jesus al jou sondes vergewe het, dat Hy in jou plek gekruisig is.
 - Jy moet *glo* dat alles wat in die Bybel staan, waar is en dat dit God se Woord is.
- Is jy bang om dood te gaan?

Dalk nog 'n bietjie, maar nou dat jy weet wat die Bybel jou van die dood leer, hoef jy nie meer so vreeslik bang te wees nie. *Die Here breek nooit sy beloftes nie* en Hy belowe dat *almal* wat in Hom glo, hemel toe sal gaan. Dan sal jy vir ewig en altyd gelukkig wees, sonder hartseer of swaarkry - in die hemel, by die Here!

Agter op die omslag

Elke dag van my lewe is ek besig om iets meer van die lewe te leer. Sommige dae is ek tevrede met wat ek sien en doen, ander dae weer nie. Ek wonder soms of ek die Bybel reg lees, en as ek bid, doen ek dit op die regte manier? Ander kere wonder ek weer of dit regtig nodig is om kerk toe te gaan. Soms voel ek sleg omdat ek nie 'n maat het nie, en as ek op die sportveld nie wen nie, is ek teleurgesteld! Al hierdie dinge is nie vir my lekker nie.

In hierdie boekie gaan jy antwoorde kry, antwoorde wat jou sal laat verstaan hoekom dinge is soos hulle is, en dit gaan jou beter laat voel. Lees gerus wat hierdie boekie vir jou wil sê!

Prof. Carl Lohann

Instituut vir Navorsing in Kinderlektuur

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys